'n Uiteensetting van die

Sewe Kerktydperke

Hoofstuk Sewe

Die Sardiese Kerktydperk

Openbaring 3:1-6

En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis; Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.

Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.

Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.

Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Sardis

Sardis was die hoofstad van antieke Lydia. Dit het deur die hande van Lydia se monargie na die Perse en daarvandaan na Alexander die Grote gegaan. Dit was oorrompel deur Antiochus die Grote. Die konings van Pérgamus het toe die heerskappy gevat totdat die Romeine oorgeneem het. In die tyd van Tiberius was dit verwoes deur aardbewings en plae. Vandag is dit 'n hoop van ruines en onbewoon.

Hierdie stad was op 'n tyd baie belangrik kommersieel. Pliny het gesê dat die kuns om wol te kleur was hier uitgevind. Dit was die middelpunt van wol-kleursel en mat weefwerk. Dit het 'n goeie hoeveelheid silwer en goud in die area gehad en dit word selfs gesê dat die eerste goue muntstukke hier gedruk is. Dit het ook 'n slawe mark gehad.

Die godsdiens van hierdie stad was die onreine aanbidding van die godin Cybele. Die massiewe ruines van die tempel kan steeds gesien word.

Julle sal onthou dat ek genoem het in die Pergamese eeu dat die Babiloniese konsep van "moeder en seun" bekend as Semiramis en Ninus nou dit het in Asië Cybele en Deoius geword. Die eienskappe geheg aan hierdie twee is mees verhelderend soos ons na hulle kyk sy aan sy.

Hy was die son god; sy die maan godin.

Hy was die heer van die hemel; sy die koningin van die hemel.

Hy die openbaarder van goedheid en waarheid; sy van sagmoedigheid en genade.

Hy die middelaar; sy die middelares.

Hy met die sleutel wat oopmaak en sluit die poorte van die onsigbare wêreld; en sy met 'n identiese sleutel wat dieselfde doen.

Hy as die regter van die dooies; sy staan aan sy sy.

Hy word doodgemaak, staan op en vaar op na die hemel; sy word daarheen gedra fisies deur die seun.

Nou in Rome word hierdie selfde god die titel gegee van ons Here: hy word die Seun van God genoem terwyl sy die moeder van God genoem word.

Nou dit is wat ons destyds daar in die ander twee tydperke gevind het, waar die 'moeder en seun' konsep sulke vreeslike proporsies aangeneem het. Nou let op dat selfs soos dit destyds in Babilon was waardat die aanbidding van die seun begin voordeel verloor het met die guns van die aanbidding van die moeder, so, het sy letterlik begin om die plek van die seun in te neem. Ons sien in hierdie eeu dat die heidense aanbidding van Sardis was die aanbidding van die vrou. Dit is Cybele alleen, nie Cybele en Deoius nie. Die moeder het letterlik die plek van die Seun gevat, bedeeld met die meriete van Godheid. Al

wat mens nodig het om te doen is om oor haar verskeie titels en lieflike eienskappe te gaan gegee aan Maria deur die Roomse Kerk om te verstaan waar die godsdiens van hierdie eeu vandaan gekom het.

Twee dinge het my regtig hard getref soos ek in hierdie aanbidding van Cybele ingegaan het. Een was die feit dat sy 'n sleutel gehad het soos Janus wat haar dieselfde autoriteit gegee het as Janus, (sleutel tot die hemel en aarde en die raaisels) en die feit dat die aanbidders hulle self slaan totdat bloed spuit uit hulle liggame, en dieselfde ding gebeur vandag met die Katolieke wat voel hulle ly soos die Here.

Die feit dat hierdie die eeu is van die eerste ware breek met pouslike Rome wat werklik floreer het, het sonder twyfel gemaak dat Isébel die profetes haar doktriene gekonsolideer het met nadruk op Maria verering in besliste opposisie tot die Protestante wie haar geweier het enige deel in die plan van Verlossing behalwe van haar guns met God as die maagd gekies om die Baba te dra. Soos Luther die doktrine van regverdigmaking gekristalliseer het deur geloof het hulle vasgehou aan werke, boete, gebede en ander onskriftuurlik maniere. En soos die bevryde Christene die Seun verheerlik het, het die Rooms Katolieke hulle vergoddeliking van Maria vermeerder totdat die twintigste eeu gesien het hoe (in opposisie met die mees hoë posisie Romeinse teoloe) Pous Pius letterlik Maria verhef tot verheerliking in 'n opgewekte liggaam. Daardie leerstelling is absoluut die Babiloniese een van die seun wat die moeder liggaamlik in die hemel dra.

Geen wonder hierdie vyfde eeu gaan reg aan met die ander eeue en sal so maak totdat dit eindig in die meer van vuur waar die hoer en haar kinders doodgemaak word in die tweede dood. Daar is dit, Maria verering, die aanbidding van Cybele. Terloops, het julle geweet dat Cybele was die Astarte vir wie Isébel priesteres was en het veroorsaak dat Israel struikel deur die losbandige seremonies wat sy gedoen het? Ja, dit is wie sy in die Bybel was.

Die Tydperk

Die Sardese of vyfde kerkeeu het geduur vanaf 1520 tot 1750. Dit word gewoonlik die Eeu van die Reformasie genoem.

Die Boodskapper

Die boodskapper van hierdie eeu is die mees bekende boodskapper van al die eeue. Hy was Martin Luther. Martin Luther was 'n briljante geleerde met saggeaarde karakter. Hy het gestudeer om 'n prokureur te wees toe die aanhoudende siekte en dood van 'n nouverwante vriend veroorsaak het dat hy ernstig geword het oor die geestelike toestand van sy lewe. Hy het in die Augustinus-klooster in Erfurt ingegaan in 1505. Daar het hy filosofie bestudeer en ook die Woord van God.

Hy het die lewe van ernstige boete gelei maar al die uiterlike dade kon nie sy sin van sonde verban nie. Hy het gesê: “Ek het myself gepyning tot die dood toe om vrede met God te maak, maar ek was in duisternis en het dit nie gevind nie.” Die predikant-generaal van sy orde, Staupitz, het hom gehelp om te begryp dat sy saligheid moet 'n ondervinding van 'n binneste werk wees eerder as 'n ritueel. Met hierdie aanmoediging, het hy God verder gesoek. Later het hy 'n priester geword. Maar nog was hy nie gered nie.

Hy het 'n gretige en diep student van die Woord geword en van die groot teologiese werke wat bestaan het. Hy was 'n gesogde onderwyser en prediker vir sy diepte van kennis en groot opregtheid. Om 'n eed te vervul wat hy aan homself gemaak het, het hy na Rome gegaan. Daar het hy die nutteloosheid van die kerk se werk gesien wat verlossing moes bring, en die Woord van God het sy hart geraak: “Die regverdige sal lewe deur geloof.”

Met sy terugkeer by sy huis het die evangeliese waarheid van hierdie Skrif sy gedagtes oorstroom en hy is vrygestel van sonde en gebore in die koninkryk van God. Gou daarna was hy verhef tot Dokter van die Godheid en opdrag gegee: “om sy hele lewe te wy aan studie en getrou die heilige Skrif uiteen te sit en te beskerm.” Dit het hy gedoen, en met sulke effek dat sy hart en die harte van hulle rondom hom diep gevestig is op die waarheid van die Woord. Die Woord het gou uitgekom in openlike konflik met die misbruik van kerk leerstellings en doktrines.

Daarom toe Leo X pous word, en John Tetzel begin sondeskuld verkoop, het Luther geen keuse gehad behalwe om teen hierdie anti- Skriftelike lering op te staan nie. Eerste, het hy gebulder vanaf die preekstoel teen dit en toe het hy sy beroemde 95 tesis geskryf wat hy op 31 Oktober, 1517 teen die deur van Kasteel Kerk vasgespyker het.

In 'n kort tydjie was Duitsland aan die brand en die hervorming was aan die gang. Nou laat dit onthou word dat Martin Luther nie die enigste een was wat geprotesteer het teen die Rooms Katolieke Kerk nie. Hy was maar een van baie. Andere het die pouse hulle tydelike en geestelike mag wat self toegestaan is ontken, en selfs onder die pouse was daar kleiner hervormings . Ja, daar was baie ander wat kwessies geopper het, maar in die geval van Luther, was God se tyd ryp vir 'n definitiewe beweging wat die begin sou wees van die herstel van die kerk na 'n uitstorting van die Heilige Gees maar baie later.

Nou Martin Luther, self, was 'n sensitiewe Gees-gevulde Christen. Hy was definitief 'n man van die Woord want hy het nie net 'n diepsinnige passie gehad om te studeer nie maar om dit beskikbaar te stel aan almal sodat almal kon lewe daarvolgens. Hy het die Nuwe Testament vertaal en dit aan die mense gegee. Hierdie moeisame werk het hy self gedoen, het 'n aanhaling tot soveel as twintig keer gekorrigeer. Hy het om hom 'n groep Hebreeuse geleerdes gehad onder wie Jode en het die Ou Testament vertaal.

Hierdie kolossale werk van Luther is steeds die werk waarop alle agtereenvolgende werke van die Skrif in Duitsland gerus het.

Hy was 'n magtige prediker en leraar van die Woord, en het aangedring veral in sy eerste jare van openbare beroemdheid, dat die Woord die enigste maatstaf was. So hy was teen werke as 'n betekenis van verlossing en doop as 'n middel van herlewing. Hy het die bemiddeling van Christus geleer as afsonderlik van mens soos die oorspronklike en Pinkster konsep. Hy was 'n man oorgegee aan baie gebed en het geleer dat hoe meer werk hy moes doen, en hoe meer hy gedruk was vir tyd, hoe meer tyd het hy vir God gegee in gebed, om bevredigende resultate te verseker. Hy het geweet wat dit was om te veg met die duiwel en dit is gesê dat Satan eendag sigbaar aan hom verskyn het, en hy die inkpot na hom gegooi, en hom beveel om te gaan. 'n Ander keer het twee fanatici na hom gekom om hom oor te haal om by hulle aan te sluit om alle priesters en Bybels te verban. Hy het die gees in hulle onderskei en hulle weggestuur.

Dit is opgeteken van Dr. Martin Luther in Sauer se Geskiedenis Vol. 3, bladsy 406 dat hy was: "'n profeet, evangelis, spreker in tale, vertolker, in een persoon, wat begunstig is met al nege gawes van die Gees."

Wat sy hart geroer het deur die Heilige Gees, en wat die klein groen spruit was wat daardie waarheid gewys het wat terugkom na die kerk soos dit bekend was by Pinkster, was die doktriene van regverdigmaking: verlossing deur genade, apart van die werke. Ek het gesien dat Dr. Luther nie net geglo het, en gepreek het, regverdigmaking nie, maar dit was sy hoof tema en dit moes wees want dit is die basiese doktriene van die waarheid van die Woord. Hy sal vir altyd bekend wees as die instrument in die hand van God wat hierdie waarheid weer laat oplewe het. Hy was die vyfde boodskapper en sy boodskap was: "DIE REGVERDIGES SAL LEEF DEUR GELOOF." Sekerlik ons erken dat hy geweet het en dit geleer het dat ons moet gaan van geloof na geloof. Sy wonderlike begrip van soewereiniteit, uitverkiesing, predestinasie en ander waarhede wys hom as 'n beduidende man in die Woord, tog sê ek weer, soos geskiedkundiges doen, God het hom gebruik om na die mense God se standaard te bring teen werke, "Die regverdige sal deur geloof lewe."

Nou soos ek alreeds genoem het, hierdie eeu word deur die geskiedkundiges genoem, die Tydperk van Reformasie. Dit is presies reg. Dit is wat dit was. Dit moes so wees vir Martin Luther want hy was 'n hervormer, nie 'n profeet nie. Nou ek weet die geskiedenis boeke noem hom 'n profeet, maar dit beteken nie dat die geskiedenis boeke reg is nie, want daar is geen rekord van Martin Luther wat hom as 'n ware profeet van God kwalifiseer in die ware Skriftuurlike sin van daardie woord nie. Hy was 'n goeie leraar met sommige van die manifestasies van die Gees in sy lewe en ons prys God daarvoor. So hy was nie instaat om die kerk terug te lei na die hele waarheid soos wat 'n man soos die apostel Paulus was nie wat beide apostel en profeet was.

Nou soos wat tyd verby gegaan het vind ons 'n groot verandering in die manier wat hy die sake hanteer wat hy beheer het. In die begin was hy so sag gewees, so vreesloos, so lydsaam en het voortdurend gewag op God om die probleme uit te werk. Maar toe het groot hoeveelhede na sy banier begin kom. Hulle doel was nie 'n waarlik geestelike een nie. Hulle het eerder politieke motiewe gehad. Hulle wou die juk van die pous breek. Hulle het nie gehou daarvan om geld na Rome te stuur nie. Fanatikuste het opgestaan. Gou is hy in politieke bedrywighede ingedruk en besluite wat werklik buite die ryk van die kerk gelê het behalwe dat die kerk deur gebed, preek en gedrag 'n standaard kon stel om na te streef. Hierdie probleme van die politiek het opgebou totdat hy gedwing is in 'n onhoudbare posisie van bemiddeling tussen base en arbeiders. Sy besluite was so verkeerd dat 'n opstand plaasgevind het en duisende doodgemaak is. Hy het goed bedoel, maar toe hy homself weer verstrengel het in 'n Kerk-Staat Evangelie moes hy die warrelwind maai.

Maar vir dit alles, het God Martin Luther gebruik. Laat dit nie gesê word dat sy bedoelings verkeerd was nie. Laat dit net gesê word dat sy oordeel misluk het. Werklik as die Lutherane kon terugkeer na sy leer en God gedien het soos hierdie genadige broer Hom gedien het, dan sou daardie mense sekerlik 'n aanwins gewees het en lof aan die groot God en Verlosser, Jesus Christus.

Die Salutasie

Openbaring 3:1,

Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het.

Weereens soos in die vorige vier tydperke openbaar die Gees ons genadige Here aan ons deur Sy wonderlike eienskappe aan ons te stel. Hierdie keer soos Hy in die midde van die kerk staan, sien ons Hom as die Een met die sewe Geeste van God en die sewe sterre. Ons weet wie die sewe sterre is, maar ons sal moet uitvind wat die sewe Geeste na verwys.

Hierdie selfde frase word vier keer in die Boek van Openbaring gevind.

Openbaring 1:4,

"van die sewe Geeste wat voor sy troon is."

Openbaring 3:1,

"Dit sê Hy wat die sewe Geeste het."

Openbaring 4:5,

"En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand."

Openbaring 5:6,

"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde."

Om mee te begin, ons weet met sekerheid dat hierdie verse nie 'n nuwe en teenstrydig doktriene leer vir Johannes 4:24a is nie: "God is 'n (een) Gees." Maar dit is soos I Korinthiërs 12:8-11 waarin ons vind EEN Gees wat Homself manifesteer op NEGE maniere. So ons weet dat die sewe Geeste van God bedoel dat dit is die een en dieselfde Gees wat op 'n sewevoudige manier voortkom. Nou in Openbaring 4:5 word hierdie selfde sewe Geeste genoem 'vuurfakkels' wat brand voor die Here. Omdat Johannes altyd net gebruik gemaak het van die Ou Testament simbole in die Openbaring gaan ons na die Ou Testament en vind uit Spreuke 20:27 dat "die gees van die mens is die lamp van die Here." Hierdie sewe Geeste word gevind om geassosieer te word met die mens. Johannes die Doper was in Johannes 5:35 'n brandende lig genoem wat werklik vertaal sou word as 'brandende lamp.' Weer in Openbaring 5:6 word die sewe Geeste geïdentifiseer as sewe oë.

In Sagaria 4:10,

"*Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe - die oe" van die Here wat die ganse aarde deurloop - met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbabel?*"

Dit is baie duidelik dat die woord, 'hulle" verwys na mense. So ons sien dat die oë van die Here in hierdie geval is mens, natuurlik sal hulle gesalfde mense wees, vol van die Heilige Gees, want God se bedieninge is nie in die mag van mense nie maar van die Heilige Gees. Deur ons Skriftuurlike ontdekkings bymekaar te sit is dit duidelik dat die sewe Geeste van God verwys na die aanhoudende bediening van dieselfde Heilige Gees in die lewens van sewe mense met wie God Homself baie nou identifiseer. Hulle is Sy oë, en hulle is Sy lampe. Wie hierdie sewe mense is kan maklik gesien word omdat die volgende frase hulle die sewe sterre noem wat alreeds aan ons bekend is as die sewe boodskappers aan die sewe eeue. Hoe pragtig is dit. Kyk, die ster was bedoel om die lig snags te reflekteer, want die son was weg. Net dat die boodskapper (gekenmerk as 'n ster) aan elke eeu die lig van die Seun moes reflekteer. Hulle het dit almal gedoen deur die Heilige Gees.

Paulus was die eerste boodskapper en hy het gesê in Galásiërs 1:8 dat as enige engel, enige boodskapper, enige predikant, maak nie saak wie hy was — as hy enige ander evangelie verkondig as wat Paulus gepreek het, laat hom vervloek wees. Paulus het geweet dat nadat hy weg is sou bose wolwe inkom. Hy het geweet dat Satan, homself, as 'n engel van lig kon verskyn so hoeveel meer sy predikers. So hy waarsku dat hierdie Evangelie altyd dieselfde sal wees. Nou Paulus is gedoop in Jesus se Naam en herdoop waar mense nie so onderdompel was nie. Hy het die kerk in orde geplaas en het die regte gebruik van die gawes van die Gees geleer en het bevestig dat hulle in die kerk moes bly totdat Jesus kom. Daarom die volgende boodskappers, die res van die ses, sou deur dieselfde Heilige Gees, brand met dieselfde vuur en dieselfde lig gee van die Evangelie van Jesus Christus en die tekens sou hulle volg. Het Irenaeus gekwalifiseer? Ja. Het Martin? Ja. Het Columba? Ja. Het Martin Luther? Met sekerheid. Het Wesley? Ja meneer, hy het 'n groot bediening gehad en het selfs gebid vir sy perd om gesond te word en dit het. Daar het julle dit. Sewe kerkeeue en sewe boodskappers wat dieselfde was, en Paulus het 'n vloek uitgespreek oor enigiemand wat gesê het hy was 'n boodskapper maar het 'n ander evangelie gehad en het gelewe in 'n ander lig.

Nou hou my stelling by die res van die Woord? Ja. Dit sê in die Woord dat as enige mens by hierdie boek voeg of daaruit wegneem, sou hy geteister en geoordeel word deur God .

God het gesê,

"As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is."

Openbaring 22:18.

So ons sien dat die Sewe Geeste eintlik verwys na die Een Gees van God wat die wil en Woord van God uitwerk in verskillende geslagte. Ek wil dit graag illustreer uit die Woord . Die Gees van God was magtig op Elía. Toe het daardie selfde Gees op Elisa gekom in 'n tweevoudige effek. Toe eeue later, het dieselfde Gees Wat ons die Gees van Elía noem sodat ons Sy bediening kan beskryf, teruggekom op Johannes die Doper. Eendag sal daardie selfde Gees geïdentifiseer deur dieselfde bediening op 'n man kom vir die einde van die Heidense kerkeeu.

Weereens: die Skrif sê dat God Jesus van Násaret gesalf het met die Heilige Gees en krag en Hy het voortgegaan om goed te doen, almal genees wat verdruk is deur die duiwel. Toe Jesus weggegaan het, het Hy Sy dissipels gesê om te vertoef tot Pinkster want op daardie tyd sou dieselfde Gees wat op Hom was terugkeer en op hulle val en hulle vul. Dan sou daardie 'uitgeroepte" liggaam (die kerk) in plaas van Hom op die aarde wees, Sy plek inneem. En omdat dieselfde Gees wat in Hom was in hulle is, sou hulle dieselfde werke doen. En enige mense wat waarlik die Liggaam van Jesus Christus is (die ware kerk) sal dieselfde werke manifesteer as wat Jesus het en die Pinksterkerk omdat dieselfde Gees in hulle sal wees. Enige ander kerk wat nie die Gees het en die manifestasies nie gaan aan God verantwoording moet doen.

Dit sê ook hier dat hierdie sewe sterre, of sewe boodskappers aan die sewe eeue is in Sy hand. Hy hou hulle. Julle weet dadelik dat as hulle in Sy hand gehou word, word hulle geassosieer met Sy krag. Dit is wat die hand wys. Dit dui die krag van God aan! En gesag van God. Nie een van hulle het in sy eie krag en outoriteit gekom nie. Dit is wat Paulus gesê het. Geen mens sou waag nie. Dit neem die gesag van God en die krag van die Heilige Gees. Die Evangelie word gepreek deur die gesag van God in die krag van die Gees. Hierdie manne was almal bemagtig deur die Heilige Gees. Hulle het almal opgestaan teen die wêreld. Hulle kon dit doen. Hulle was vol van God. Hulle was GESTUUR of gemagtig deur God, NIE self of ander mense nie.

Nou hulle het gehad wat die wêreld nie kon hê nie. Jesus het gesê dat toe Hy weggegaan het sou Hy Sy Gees stuur Wat die wêreld nie kon ontvang nie. Dit is reg. Die wêreld, of wêreldstelsel kon Hom nie ontvang nie. Dit is wat organisasie is — dit is wêreldstelsel. Wys my 'n wereld sisteem kerk wat vol van die Heilige Gees is. Ek wil dit sien. As jy vir my so 'n kerk kan wys dan vind jy 'n fout in die Woord. Nee meneer. Nie een van hierdie boodskappers was georganiseer nie. Hulle was of uitgesit of het uitgegaan omdat hulle veroordeel is deur die sonde van organisasie. Hoe kan die Heilige Gees moontlik in organisasie wees wanneer dit organisasie is wat die plek van die Gees neem en denominasies die plek van die Woord neem? Onthou: "Organisasie" is "DOOD". Dit kan net nie op enige ander manier wees nie. As die wêreld oorneem, verdwyn die Gees.

Ja, die Gees is nie sewe Geeste nie maar EEN. Hy sal altyd dieselfde wees en dieselfde optree. En die sewe boodskappers sal dieselfde Gees hê en dieselfde Woord leer en dieselfde krag hê. En as die kerk die ware kerk is sal dit dieselfde Gees en Woord hê en dade van krag soos wat hulle by Pinkster gehad het. Deur ondervinding sal dit 'n Pinksterkerk wees; en daar sal tale wees, en interpretasie en profesie en genesings. God sal in haar midde wees en God sal Homself verklaar in die midde van haar soos Hy altyd het. Halleluja! En sy sal ONgeorganiseerd wees. Moenie dit vergeet nie.

Nou ons kan sien dat Jesus Christus Homself openbaar deur die eeue deur Sy Gees in die boodskappers. Hulle is soos Moses was vir die kinders van Israel. Soos hy die openbaring vir sy dag gehad het, so het elke boodskapper God se openbaring en bediening vir daardie dag gehad.

So wanneer ons sien dat die boodskappers in Sy hand is, dan sien ons die Here wat Homself identifiseer met hierdie manne en hulle Sy krag skenk. Dit is nie genoeg dat Hy Homself met die hele kerk geassosieer het nie, wat ons gesien het toe Hy gestaan het tussen die sewe goue kandellare. Nog is dit selfs genoeg dat ons die vyfvoudige bediening van Efésiërs 4 sien (apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore). Want in elke eeu verdwaal die kerk, en dit is nie net die leke nie maar die geestelike groep — skaapwagters is verkeerd sowel as skape. Dan bring God Homself op die toneel as die Hoof Skaapwagter in die bedienings van hierdie sewe manne om Sy mense terug te lei na die waarheid en die oorvloedige krag van daardie waarheid.

God is in Sy mense — al Sy mense, want as enige mens nie die Gees van Christus het nie is hy nie een van Hom nie. En Hy is die Woord. Dit sal die Woord wees herken in die mense. Maar Hy het 'n spesiale leierskap geplaas in hierdie mense van Sy eie keuse en deur die vasberade raad van Sy eie wil.

Hulle verskyn eenmaal in elke eeu. Dit is dieselfde Gees in hulle. Wat 'n ver roep is dit van die verdeeldheid van Rome. Hulle het 'n man van hul eie keuse — een na die ander — geen wat die krag van God produseer nie — geen wat bly in die Woord van God nie — elke een wat verskil van die een voor hom en voeg wat hy begeer by asof Hy God is. God is nie daarin nie. Maar Hy is in Sy boodskapper en hy wat die volheid van God het sal die boodskapper volg soos die boodskapper 'n volgeling is van die Here deur Sy Woord.

"Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het."

Openbaring 3:1.

Soos hierdie selfde Here Homself geïdentifiseer het met die mens deur inkarnasie, identifiseer Hy Homself weer met die mens deur Sy Gees in die mens. "Hierdie is myne," sê die Here. Die sewe Gees-vervulde boodskappers is die Here sin. Hulle mag verwerp wees. Hulle mag bevraagteken word. Inderdaad, volgens menslike denke mag hulle dalk nie eens kwalifiseer nie — nieteenstaande, hulle is die boodskappers vir hulle eeu. God het 'n Abraham gebruik (hy het gelieg), Hy het 'n Moses gebruik (hy het gerebelleer), 'n Jona (hy was ongehoorsaam), 'n Simson (hy het gesondig), 'n Dawid (hy het vermoor). Hy het ook 'n Josua gebruik, en 'n Josef. En hulle met ernstig foute is baie meer as die wie se geskiedenisse meer volmaak lyk . ALMAL WAS, EN IS SYNE. Niemand durf dit ontken nie. Hy het hulle met en deur die Heilige Gees gebruik wat Hy in hulle gesit het. Vir hulle eie Meester het hulle gestaan of geval. En in hulle almal is die soewereine wil van God uitgevoer. Laat eksterne geskiedenis probeer om dit te weerle, dit staan steeds. Die Ewige God wandel steeds tussen die goue kandelare en stuur Sy boodskappers deur Sy Gees met die Woord aan die mense van elke eeu.

Die Veroordeling

Openbaring 3:1b,

"Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood."

Openbaring 3:2b,

"want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie."

Nou hier, inderdaad, is 'n baie vreemde ding. In elke eeu tot op hierdie punt het die Gees eerste al die ware gelowiges geprys, en dan die vals wingerdstok betig. Maar in hierdie periode is daar klaarblyklik sulke opsetlike verontagsaming van die Here en Sy Woord dat die hele boodskap tot aan hierdie vyfde eeu lui met veroordeling.

"Ek ken jou werke."

Wat was hierdie werke wat voor die Here opgekom het voor die Here en sy misnoe" veroorsaak het? Wel, julle weet dat elke eeu oorgegaan het in die volgende eeu, so ons het 'n voortsetting van die werke van die vierde eeu in die vyfde. Hierdie werke soos julle goed weet is:

Die leierskap van die Heilige Gees was vervang deur 'n menslike hiërargie.

Die suiwer Woord van God en sy vrye voordeel aan alle mense was verwerp vir geloofsbelydenisse, dogmas, kerk ordes, ens.

Die aanbidding in die Gees en Gawes van die Gees en alles wat betrekking het op die ware gemeenskap broederskap van die heiliges was verstoot ter wille van aanbidding en letterlike afgod aanbidding, afgod feeste, ens.

Maria-aanbidding het 'n groter plek in die Christen aanbidding ingeneem, totdat sy werklik 'n plek van Godheid ingeneem het en die Seun was van Sy verhewe posisie van oor alles gebring na onderdanig aan 'n man wat die pous genoem word, wat homself die vikaris van Christus genoem het.

Hulle wat hierdie verskriklike anti-Chris kerk beveg het was vernietig. Dié wat gebly het daarby het hulle as die pione van die kerk bevind of hulle arbeiders of konings was. Hulle lewens was nie hulle eie nie, en nog was hulle lewens Christus sin, maar hulle het behoort liggaam, siel, en gees aan die Kerk van Rome. Hulle het gepraat oor die bloed van Christus, tog het hulle, hulle verlossing gekoop met geld, en het vergifnis van sondes gekoop of deur goud of boetedoening. Die rykes van hulle het dit 'n gelukkige situasie gevind toe Pous Leo hulle toegelaat het om toegewings te kry vir sondes wat nog nie uitgevoer is nie sodat hulle maklik sonder gewete hulle veskriklike misdade kon beplan en dan aangaan om dit uit te voer, wetende dat die pous alreeds hulle sondes vergewe het. Die Woord van God is van hulle weerhou, so wie moes die waarheid ken! Aangesien waarheid net kom van die Woord, was die mense opgesluit in 'n kerker van die Roomse Kerk, afwagtend op die dood, en na die dood oordeel. Maar die groot hoer, dronk met die bloed van martelare en met geen gedagte aan die oordeel nie, het wreed aangegaan om die mense beide geestelike en fisiese dood te maak.

Nou teen die einde van die vierde eeu wat die begin van die vyfde eeu ook sou wees, het die inval van Konstantinopel deur die Turke die geleerde skoliere van die Ooste gestuur met hulle Griekse manuskripte na die Weste. Die suiwerheid van die Woord en die onderrig van ware gelowiges was so versprei. En nie net was hierdie goeie leraars van groot belang nie maar ook die uitvinding van wat die basis van ons moderne drukperse geword het, wat die produksie van boeke vergemaklik het. So vind ons dat die groot honger en behoefte vir die Bybel beantwoord kon word.

God het baie magtige manne opgewek waarvan Luther maar een was. Calvyn en Zwinglé was twee ander ligpunte en behalwe hierdie was daar baie, baie meer wat nie so goed bekend is nie. Tog, alhoewel dit alles nie tevergeefs was nie, was die magtige werk van God eintlik gehinder deur hierdie einste manne. Een ding, hulle het NIE die huwelik van die Kerk-Staat van die Niceense Raad teengestaan nie maar het dit eintlik gevoed.

Die verdediging van die Evangelie deur die staat was verwelkom hoewel daar geen Woord daarvoor was nie. En alhoewel ons kan sien "die toorn van die mens wat God prys," in sulke gebeurtenisse soos Hendrik die Agste wat die hervorming aangeneem en die verwerping van pouslike gesag, was dit ver van die waarheid van Pinkster af en beskerming van 'n almagtig God.

Ten spyte van Luther se konstante lerings teen buite inmenging in die plaaslike kerk doen en late was hy nie in staat om mense se menings van die "Biskop, Aartsbiskop" konsep van kerk bestuur te verander nie. Dus het die kerk een stap in die regte rigting gevat maar was steeds geboei, so in 'nkort tyd was sy weer in dieselfde kerker in die tronk waaruit sy probeer ontsnap het.

Steeds die beker van die gruwelike werke was nog nie vol nie. Nie net het Luther deur swak oordeel stryery aangespoor en daardeur die dood van menigtes veroorsaak nie; maar Zwingli se geselskap het die Goddelike Dr. Hubmeyer vervolg tot in die tronk, en al het dit hom nie na die brandstapel gestuur nie, was dit eintlik verantwoordelik in 'n groot mate vir sy uiteindelike dood deur vuur. En Calvyn het nie minder gedoen nie, want hy het aangedring op die arrestasie van Servetus wat gesien en geleer het die eenheid van die Godheid. Die Staat het toe hierdie broer verhoor, en tot Calvyn se onsteltenis is hy verbrand op die brandstapel.

As daar ooit 'n tyd van denominasionele ywer was, was dit in hierdie tragiese tyd. Die woorde van Comenius beskryf baie van hierdie era. Comenius het "EEN DING BENODIG" geskryf. Hy vergelyk die wêreld met die labirint, en wys dat die uitweg uit is deur te los wat nie noodsaaklik is nie, en die een ding te kies wat nodig is — Christus. Die groot hoeveelheid van onderwysers, sê hy is die rede vir die menigtes van sektes, waarvoor ons binnekort geen name voor sal hê nie. Elke kerk reken homself toe as die ware een, of ten minste as die suiwerste, ware deel daarvan, terwyl onder mekaar vervolg hulle met die mees bittere haat. Kan vir geen versoening hoop tussen hulle nie; hulle ontmoet vyandskap met onversoenbare vyandskap.

Uit die Bybel bewerk hulle hul verskillende godsdienstige gelowe; hierdie is hulle vestinge en hulle skanse waaragter hulle hulleself verskans en alle aanvalle weerstaan. Ek sal nie sê dat hierdie belydenisse van geloof, want ons kan toegee dat in die meeste gevalle is hulle so — is sleg in hulleself nie. Hulle het so geword, maar, dat hulle die vuur van vyandskap voer; net deur hulle heeltemal weg te sit sou dit moontlik wees om te werk om die wonde van die Kerk te heel. "Aan hierdie labirint van sektes en verskillende belydenisse behoort nog een; die liefde van redetwis... Wat word bereik daardeur? Is 'n enkele geleerde strewe ooit reggemaak? Nooit. Hulle hoeveelheid het net gegroei.

Satan is die grootste drogredenaar; hy is nog nooit oorwin in 'n stryd van woorde nie... In Goddelike dienste word die woorde van mense meer gehoor as die Woord van God. Elke een klets soos dit hom behaag, of gebruik tyd vir geleerde uiteensittings en die teregwysing van die opinies van ander. Van die nuwe geboorte en hoe 'n mens verander moet word na die ewebeeld van Christus om deel te word van die Goddelike Natuur (II Petrus 1:4) word daar kwalik iets gesê. Van die krag van die sleutels, die Kerk het amper die krag van binding verloor, slegs die krag van losmaak bly oor.... Die sakramente, gegee as simbole van eenheid, van liefde, en van ons lewe in Christus, is die geleentheid gemaak van die bitterste konflik, 'n oorsaak van gemeenskaplike haat, 'n sentrum van sekte gees...

Kortliks, Christendom het 'n doolhof geword. Die geloof is verdeel in 'n duisend klein dele en jy word 'n ketter gemaak as daar een van hulle is wat jy nie aanvaar nie... Wat kan help? Net die een ding wat nodig is, keer terug na Christus, kyk na Christus as die enigste Leier, en wandel in Sy voetstappe, sit alle ander weë weg totdat ons almal die doel bereik, en tot die eenheid van die geloof kom (Efésiërs 4:13). Soos die hemelse Meester alles gebou het op die grond van die Skrifte so moet ons alle besonderhede van ons spesiale belydenisse los en tevrede wees met die geopenbaarde Woord van God wat aan ons almal behoort. Met die Bybel in ons hand moet ons uitroep; ek glo wat God geopenbaar het in hierdie Boek; ek sal gehoorsaam sy gebooie hou, ek hoop vir dit wat Hy belowe het. Christene, luister! Daar is net een lewe, maar Dood kom na ons in 'n duisend vorms. Daar is net een Christus, maar 'n duisend Antichriste... Sodat jy weet, O Christendom, wat is die een ding wat nodig is. Of jy draai terug na

Christus of jy gaan na vernietiging soos die Antichris. As jy wys is en wil lewe, volg die Leier van Lewe.

Maar julle, Christene, verheug julle wat weggeraap word... hoor die woorde van julle Hemelse Leier, 'Kom na My toe.'... Antwoord met een stem, 'Selfs so, ons kom.'"

Nou ek het nou net gesê dat hierdie era geweldige groei vir die denominasionele gees gegee het. As die Korintiër houding van "Ek is van Paulus, Ek van Cephas" ooit gewys is, was dit nou. Daar was Lutherane, Hussiete, Zwingli se party, ens. So 'n versplintering van die liggaam was betreurenswaardig. Hulle het 'n naam gelewe maar was dood. Sekerlik was hulle dood. Hulle het die oomblik gesterf wat hulle georganiseer het. Die groot groepe het georganiseer en hulself in huwelike met die staat verbind. Dit het dit gedoen. Hulle was klaar. Hier was daardie Lutherane wat die Roomse Kerk gekritiseer het. Hulle het die ongeregtigheid van politieke en geestelike verbindings geken — nogtans Luther (soos toe Petrus oorgebalanseerd was deur die Judaiseerders) het reguit gegaan en die staat in plaas van God die verdediger van die geloof gemaak. Hierdie is die eerste denominasie in naam wat uit die hoer gekom het, maar toe Luther gesterf het was dit nie lank nie totdat dit 'n hiërargie gehad het soos die een wat hulle teen baklei het. Hierdie beweging van God, teen die tyd wat die tweede geslag gekom het was hulle reg onder die vleuel van haar moeder. Sy het teruggegaan en dit nie eens geweet nie. Hulle het hulle eie naam aangeneem bo Sy Naam. Hulle het ook hulle eie naam gelewe.

En al die denominasies doen presies dieselfde ding vandag. Hulle lewe hulle eie naam, en nie die Naam van die Here Jesus Christus nie. Dit word maklik gesien want elke kerk word geken deur die manier wat dit aanbid maar niemand word geken deur die krag van God nie. Daar is jou toets. En ek wil hê julle moet net hier oplet dat hierdie era nie die tekens en wonders tussen hulle gehad het nie. Hulle het die krag van God opgegee vir die krag van die staat. Hulle het vasgehou aan hul eie naam, hulle het hulle name groot gemaak. Dit was daardie ou gees van almal in sy kudde te kry. Vandag wil die die Baptiste he die Metodiste moet oorkom na die Baptiste. Die Metodiste is uit om die Presbiteriane te konfronteer. En die Pinksters wil hulle almal hê. Elkeen eis om die meeste te offer en om die grootste hoop uit te hou — 'n soort van 'n deur na die hemel, of ten minste, die weg tot meer oorvloedige ingang. Hoe tragies is dit alles.

Hierdie denominasionele gees het gemaak dat al die denominasies hulle handboeke skryf en hulle leerstellings leer, het hulle kantore en kerk regerings opgesit en dan maak elkeen aanspraak dat sy, en sy alleen spreek tot God want sy is die beste gekwalifiseer. Nou as dit nie presies is wat die pous en die Roomse Kerk doen nie! Hulle is reg daar met hulle ma, die hoer, en weet dit nie.

Met die afsluit van ons opmerkings oor hierdie vers: "Jy het 'n naam wat jy leef en is dood," Ek kan nie te veel daarop aandring dat hierdie eeu, al het dit die hervorming gebring, was baie ernstig deur God tereggewys in plaas van om geprys te word, omdat DIT DIE SAAD VAN DENOMINASIE GESAAI HET WAT REG TERUG GEORGANISEER HET NA DIE HOER, nadat God 'n deur oopgemaak het om te ontsnap. Toe die beweging weg van die Katolieke Kerk plaasgevind het, was dit nie waarlik Geestelik algeheel nie, maar meer polities. Meeste van die mense het Protestantisme opgeneem omdat soos ek gesê het hulle het die Roomse stelsel van politieke en finansiële slawerny gehaat. So, in plaas van 'n groot Geestelike skuif te wees met al die kenmerke van Heilige Gees ïnvloed soos wanneer God suiwer Geestelike maniere kry om Sy doel te bereik met Pinkster, was dit eintlik 'n DAAD WAARIN DIE TOORN VAN MENS GOD GEPRYS HET, en die gevolge was paralel met die geskiedenis van Israel toe sy Egipte verlaat en in die woestyn gedwaal het en dit nie na Kanaan gemaak het nie. Tog, baie was bereik in dit dat die juk van Rome was tog gedeeltelik gebreek, mens kon nou die Woord van God ontvang en oorgee aan die invloed van die Gees sonder sulke geweldige vrees soos voorheen. Hierdie het die deur oopgemaak na die groot sendeling tydperk wat gevolg het.

Die Isébel van Thiatire was in geen stemming om haar houvas op die mense op te gee nie, en so sien ons haar dogter Athalia haar kop oplig in die Sardese Tydperk met die hoop dat sy in staat sou wees om die ware saad te wurg met haar skemas van organisasie.

Die Waarskuwing

Openbaring 3:2,

> "*Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.*"

Ek wens dit kon gesê word dat die Sardese Tydperk 'n herstel was in plaas van 'n hervorming. Ek kan dit nie sê nie. Die Woord noem dit nie 'n herstel nie, maar noem dit beslis 'n hervorming. As dit 'n herstel was, sou daardie eeu 'n ander Pinkstereeu gewees het. Maar, dit was nie. Die beste wat gesê kan word daarvan was: "*Versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe.*" Daar was iets wat kortgekom het. My, ja, daar was beslis. Hierdie eeu het regverdigmaking gehad, maar dit het heiligmaking gemis en die Doop met die Heilige Gees. Dit is wat God se oorspronklike plan was. Dit is wat hulle by Pinkster gehad het. Hulle was geregverdig, hulle was geheilig, en is gevul met die Heilige Gees. Kyk,

luister na my, die rede om geregverdig en geheilig te wees is vir die einde dat jy gedoop mag word met die Heilige Gees.

Dit is die rede dat daar 'n kerk is. Dit is die tempel van God gevul met God, selfs die Heilige Gees. Dieselfde Gees wat in Jesus was terwyl Hy hier op aarde was, wat veroorsaak het dat Hy die magtige werke gedoen het wat Hy het, het teruggekom op die kerk met Pinkster sodat hulle die werke doen wat Hy het. Hierdie eeu het nie daardie werke gehad nie. O, hulle het die geskrewe Woord gehad (maar nie die geopenbaarde Woord nie). Hierdie was die hervorming tydperk. Maar moenie bang wees nie klein kudde, het God gesê, "Ek sal herstel," en hierdie hervorming sou die begin daarvan wees. Hy sou (volgens Sy belofte) die kerk terugneem van die diepte van Satan af in die Donker Eeue tot die Diepte van God wat hulle by Pinkster gehad het en in die eerste paar jaar van die bestaan van die kerk.

Nou wees versigtig, en snap dit. Dit sê in hierdie tweede vers wat ek gelees het: "Want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie." Weet julle wat die regte betekenis is van 'nie perfek' nie? Dit is 'onvervuld.' Hierdie eeu was 'n onvervulde eeu. Dit was net die begin om terug te kom. Dit is waarom ek gesê het die Bybel het dit Reformasie genoem — nie restorasie nie. Dit het begin in die leerstelling van regverdiging wat beteken het verlossing was alles van God. O, hoe het Luther die soewereiniteit van God en uitverkiesing gepreek. Hy het geweet dit was alles van genade. Hy het die kerk geskei van die heerskappy van kerklike hiërargie. Hy het die afgode afgebreek. Hy het die belydenisse aan die priesters verwerp. Hy het die pous veroordeel. Dit was wonderlik goed, soos hy begin het, maar God het gesê 1500 jaar tevore: "Luther, jy gaan dinge begin, maar jou tydperk sal dit alles onvervuld sien, ek los dit vir later." Halleluja, ons God regeer! Hy ken die einde van die begin af. Ja, Luther was Sy boodskapper. Dit het nie so gelyk nie, soos ons die foute ondersoek. Maar daar was 'n man wat Jona genoem is, hy het ook foute in sy lewe gehad. Hy was 'n profeet hoewel ek en jy nie so wil se nie op die basis van hoe hy opgetree het. Maar God ken hulle wat Syne is en Hy het Sy manier net soos Hy met Jona gedoen het. Hy het Sy manier gehad met Luther in daardie eeu, en Hy sal Sy manier hê tot die voleinding.

Nou hierdie was 'n onvervulde eeu. Dit was 'n eeu van hervorming. Maar dit is hoe God dit wou hê. Ek wil dit illustreer vir julle op die manier wat ek het vir 'n baie wonderlike Lutherse broer wat 'n president van 'n baie goeie teologieseskool is in die Weste verduidelik het. Ek is uitgenooi na sy plek om middagete saam met hom te hê en met hom te praat oor die Heilige Gees. Hy was dronkgeslaan oor baie dinge en hy het vir my gesê: "Wat het ons Lutherane?"

Ek het gesê: "Wel, julle het Christus."

Hy het gesê: "Ons wil die Heilige Gees hê. Dink jy ons het Dit? "

Ek het gesê: "Potensieel, glo julle Daaraan."

Hy het gesê: "Wat bedoel jy, potensieel? Ons is honger vir God. Ons het 'n boek oor Pinkster gelees en die gawes van die Gees, toe het sommige van ons uitgevlieg na Kalifornië om die skrywer te sien. Toe ons daar aangekom het, het hy ons vertel dat hoewel hy die boek geskryf het, het hy nie die gawes gehad nie. Nou toe ons die werking van gawes in jou bediening gesien het wou ons met jou praat, want jy moet iets van hulle weet. "

Nou hierdie broer se teologieseskool is daar in die platteland en omring deur baie morge van plaasgrond waarop die studente kan werk en daardeur betaal hulle, hulle weg deur die kollege. Hy het ook fabrieke wat help om ekstra werk te gee. So deur sy lande te gebruik om my saak te illustreer het ek gesê: "Eenmaal was daar 'n man wat op sy eie grond uitgegaan het om 'n landery van mielies te plant. Hy het die stompe verwyder, die klippe weggevat, geploeg en gedis en toe sy mielies geplant. Elke oggend het hy uitgekyk oor die veld; maar een oggend in plaas van kaal grond het hy tienduisental van klein halmpies gesien. Hy het gesê, "Prys God vir my veld van mielies." Ek het hom toe gevra, "Het die man mielies gehad?"

Hy het gesê: "Wel, op een manier het hy."

Ek het gesê: "Potensieel, ja; en dit was julle Lutherane in die hervorming, julle het spriete uitgesit, sien? Die mielies het begin groei. (Nadat dit verrot het in die grond gedurende die Donker Eeue). Na verskeie litte was daar fyn groot stingels, en eendag het 'n baard van sy verskyn. Daardie baard van sy het afgekyk na die halmpies en gesê, "Julle ou formele Lutherane het niks nie. Kyk na ons, ons bring voort, die groot sendelinge. Ons dag is die sendeling era. "Daardie baard tyd was die Wesleyaanse Eeu. Hulle was die grootste sendelinge en het selfs ons oortref in ons eeu. Wat het daardie eeu gedoen? Dit het versprei soos stuifmeel in die wind.

"Nou wat is die volgende stap? Logies dink ons dit is die werklike vorm en oes van die graan — die voltooide sirkel. Maar nie so nie. Daar is nog 'n stadium. Daardie stadium is wanneer die doppie of kaf gevorm word om die saad te bedek. En dit is presies wat in hierdie Geestelike siklus gebeur het. Met die draai van die twintigste eeu, in die begin van die Laodicése Eeu, was daar wydverspreide menings dat

die Heilige Gees val presies soos met Pinkster. Mense het in tale gepraat en het voorgegee om gedoop te wees met die Heilige Gees met die bewys deur in tale te praat. Maar, ek het baiekeer in die koringlande geloop, en daar in laat somer het ek die koppe van koring gepluk en hulle gevryf in my hand om 'n bietjie korrels te kry, maar tot my verbasing was daar GEEN KORRELS VAN GRAAN IN DIE KAF NIE, TOG INDERDAAD HET DIT GELYK OF DAAR KORING WAS. Hierdie is 'n volmaakte prentjie van die sogenaamde Pinksterbeweging.

En dat dit 'n feit is word gevind in dat daardie mense ORGANISEER OP 'N DOKTRIENE en hulleself terug verbind soos wat die organisasie voor hulle gedoen het, wat bewys dat in plaas van die ware saad te wees, was hulle die kaf beskermende bedekking vir die koringsaad wat moet kom. Hierdie kaf stadium was die gevaar periode waarvan Jesus gepraat het in Matthéüs 24:24: "mislei die einste uitverkorenes as dit moontlik was." O, mens het gevoel dat hierdie dop, die sogenaamde Pinkster Tydperk was die ware saad. Maar dit het bewys om net die draer te wees om die lewe oor te dra in die eeu waarin die ware herstel kom en die Koring Bruid gemanifesteer word in die krag van die gesproke woord deur Eségiël 47:2-5,

> *"En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit."*
>
> *Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaan - waters tot aan die enkels.*
>
> *Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan - waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan - waters tot aan die heupe.*
>
> *Verder het hy nog duisend gemeet - 'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys - waters om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan loop nie.*

"En hoe dit gedoen is was deur God se volmaakte wil en programmering. Die Lutherane het potensieel die Heilige Gees gehad onder regverdigmaking; die Metodiste het Dit potensieel gehad onder heiligmaking en vandag is Dit teruggebring, 'n restorasie — die Heilige Gees is hier. "

"Wees op die uitkyk en versterk die dinge wat agterbly wat gereed is om te sterwe."

Nou die idees in die twee woorde uitgedruk: "uitkyk" en "versterk" is dit. Om uit te kyk is nie net die idee om wakker te wees nie maar om waaksaam te wees. Om anders te wees insinueer gevaar en verlies. Om te versterk beteken meer as net om krag te gee, dit beteken om reg te maak en te vestig om te bly. Hierdie twee opdragte verwys na wat oor is van die WAARHEID wat self gereed is of "omtrent" besig is om te sterf. Hierdie uitdrukking van die Gees kom voor my as 'n illustrasie. 'n Groep slawe, in totale slawerny fisies en moreel het bymekaar gestaan en ontsnap van hulle ontvoerders (inderdaad dit is wat Sardis beteken: die ontsnaptes). Hulle word vervolg en hulle groot en glorieryke winste is alles egter verlore. Hulle was nie oorgeneem nie, maar al wat omtrent gesê kan word is dat hulle ontvlug het — nie heeltemal ontsnap soos sommige was volgens die Woord nie. Hulle het van hulle vryhede verloor.

Nou die Here sê: "Julle is potensieel terug in gevangenskap; sien dat julle nie teruggaan nie. Om te keer om nie terug te gaan nie wees waaksaam oor die dinge van jou gevangenskap of anders sal jy alles verloor. Versterk jouself nou in wat jy oorhet op so 'n manier om permanent te vestig wat jy het en so te verseker teen toekomstige verlies. Hierdie sal jou geleentheid wees om te vervul wat jy nie vervul het nie. " Maar het hulle voortgegaan? Nee meneer. Hulle het nie geluister na die stem van die Gees nie en 'n ander eeu het in gevangenisskap gegaan en so het God andere opgerig wat Sy wil sou uitvoer. God het die Lutherse denominasie oorgeslaan soos Hy al die ander het, en hulle sal nooit terugkom nie. God moes voortgaan en in 'n nuwe eeu verdere waarheid bring en 'n bietjie meer herstel.

Oordeel

Openbaring 3:3,

> *"Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."*

Ek wil 'n ander vertaling lees (Wuest) van hierdie vers,

> *"Onthou dan, daarom, op watter manier jy ontvang het (die waarheid as 'n permanente deposito) en watter manier jy gehoor het (dit) en beveilig (dit), en maak 'n verandering van gedagtegang onmiddelik."*

Dit is baie duidelik van hierdie vers dat God hulle waarheid gegee het as 'n permanente deposito . Dit

is ontvang en is onherroeplik hulle s 'n. Dit moet nog gesien word wat hulle daarmee sal doen, of hulle dit sal ag gee of nie. En dit is waar. Hulle is die basiese waarheid gegee van die hele Evangelie: "Die regverdige sal lewe deur geloof ", "Verlossing is van die Here." Hulle het die waarheid van die Bybel gehoor wat die doktrienes van Rome onderdruk en alle pouslike gesag stel op niks . Hulle het die waarheid geken dat die kerk nie red nie. Hulle het die Here se nagmaal verstaan. Hulle het lig gehad op waterdoop. Hulle het die beelde uitgesit. Waarheid? Want daar was nooit 'n eeu met meer manne wat soveel lig gehad het om te verspei nie. Hulle het genoeg lig gehad om ten volle die ou sisteem oor te maak of om vars te begin en God hulle laat lei, lyn op lyn en gebod op gebod. Hulle het die waarheid ontvang. Hulle wou dit hê en het dit gehoor.

Maar die vraag was, hoe het hulle dit gehoor? Het hulle dit gehoor om op te bou of was dit met dieselfde gesindheid wat baie Grieke gehad het — iets om te bespreek en oor te spekuleer ? Duidelik was die ryk Woord van waarheid gehoor op 'n akademiese manier, liewer as vir praktiese uitwerking, want God het 'n verandering van gedagte aangaande dit vereis. As dit die Woord van God is wat dit inderdaad is, dan moet dit gehoorsaam word. Versuim om te gehoorsaam sou oordeel bring. Toe die wagte van die heilige tempel aan die slaap gevind is, is hulle geslaan en hulle klere gebrand. Wat sal die Here doen aan diegene wat in hierdie eeu hulle skerm laat sak?

"Ek sal op jou afkom soos 'n dief."

Oudtydse Sardis was voortdurend aangeval deur rowers wat uit die heuwels verskyn het en die mense geroof het. So hulle het net te goed geweet wat die Gees gesê het in daardie koms van die Here is soos 'n dief. Net waaksaamheid en voorbereiding sal voldoende wees om gereed te wees vir Sy koms. Nou ons weet dat hierdie 'n boodskap vir die vals wingerdstok is, want die koms van die Here sal wees soos dit was in die dae van Noag. Die agt gered was wel bewus van die naderende vloed, en deur bewus te wees was hulle voorbereid en gered. Maar die wêreld van die goddelose was weggeveeg. Hoewel hulle daagliks in kontak was met die regverdige en die waarheid gehoor het, het hulle dit opsy gestoot totdat dit te laat was. Daardie heeltemal vleeslike mense in daardie outyd tipieer vandag die gewone Christene wie se lewens vol is van aardse dinge, en vind plesier daarin in so 'n mate dat hulle geen behoefte het vir die Geestelike nie, en is glad nie bewus van, of maak reg vir Sy verskyning nie.

Die Huldeblyk

Openbaring 3:4,

> *"Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is."*

Natuurlik die woord 'name' beteken 'mense' soos dit sê in Handelinge 1:15 aangaande die in die boonstekamer, "die getal van name was omtrent 120." Maar vir my gaan dit ver meer as net om mense te wys; dit bring daardie waarheid uit wat in elke eeu uiteengesit is met ons gepraat is deur ons Here met groot nadruk. Dit is dit: die kerkstelsel van hierdie eeue is saamgestel uit twee wingerdstokke, waar en vals. God in Sy eie soewereine doel het hulle almal bymekaar gesit, en hulle die kerk genoem.

Kyk in hierdie eeu hoe Hy hulle tereggewys het en gesê het: *"aan die kerk wat is"* — nie "kerke nie" in Sardis, - maar kombineer hulle saam- "die kerk wat is"? *"Ek ken julle werke... julle is dood ...julle werke is onvervuld.."* En dan gaan Hy voort met — " Julle (hierdie kerk in Sardis) het 'n paar mense in jou wat reg is, en nie verkeerd soos die meerderheid nie. Hierdie wandel in skoon klere en hulle is My waardig. " Nou hierdie mense wat die ware heiliges van God was het geloop "alles welwillend tot die Here." Hulle klere was skoon. Julle sien in daardie dae het die klere gesleep op die pad en sou grond en besoedeling optel. Hierdie het dopgehou hoe hulle loop sodat hulle nie korrup word deur die wêreld nie. Hulle was in die Gees en het in die Gees gewandel. Hulle was heilig en sonder blaam voor Hom. So hulle het hulle doel vervul want dit is wat Efésiërs 1:4 sê is die doel van God vir ons: om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.

Nou in hierdie vers wat die uitverkorenes van God wys om "Paar Name," te wees kan julle duidelik sien waaroor ons geleer is in hierdie eeu. Dit was chaoties. Dit was ONVERVULD. Dit was gesplete tellings van maniere, en God het dit byna in sy geheel tereggewys . Dit was swak en sieklik en gereed om te sterf. Dit was nie die glorieryke era wat vleeslik gesinde Protestante geskiedkundiges dit probeer maak het nie. Een vinnige kyk na daardie boom en sien dat dit verkanker en verwoes was, gestroop van blare en geen vrugte behalwe vir misvormde en wurm geinvesteerde vrugte wat vinnig na die grond geval het. Maar wag vir 'n oomblik! Kyk nader. Daar op die toppie, in die lig van die son, was 'n paar 'eerste vrugte' — 'n Paar Name' — volmaak in Hom want hulle is gebore van Hom, gevul met Hom en wandel met Hom deur Sy Woord.

Dankie God vir ''n paar.'

"En hulle sal saam met My wandel."

Dit is wat God sê Hy sal op hulle stort vir hierdie opregte loop. Dit is deel van hulle erfenis wat Hy vir hulle bewaar het. As hulle gewillig was om saam met Hom te stap deur die swaarkry en strikke van die lewe en 'n eer is vir Hom, gaan Hy hulle beloon. Hy vergeet nie van ons arbeid van liefde nie. God sal ons altyd beloon vir ons pogings om Hom te behaag.

Ja, hulle het deur die wêreld geloop en nie gedeel daarin nie. Hulle het nie laat die wêreld sisteme hulle oorwin nie. Toe die beroemde name van daardie eeu toegegee het aan die vleitaal van die staat en politieke ingesteldheid eerder as Geestelike ingesteldheid gekies het en oppad was terug in die wêreld, het hierdie paar gestaan vir die Woord van God, en het daardeur die Here geëer. Nou sou Hy hulle eer in ruil . Want hulle sal met Hom wandel in wit. Hulle het hulleself geïdentifiseer met Hom op aarde en nou sou Hy Homself identifiseer met hulle in die Nuwe Jerusalem. En hoe wonderlik sal daardie identifikasie wees! Dit verheug my en tog laat dit my huil om te dink aan Sy genade, want julle sal oplet dat Hy nie in 'n ander kleur geklee is anders as die heiliges nie, soos aardse leiers sal doen. Nee, hulle is soos Hy; Hy is soos hulle. Hulle is soos Hy, selfs soos Johannes gesê het; want "hulle sien Hom soos Hy is."

"Want hulle is waardig". Besef julle Wie sê dit? Dit is Jesus, die Waardige Een, Homself. Hierdie is die enigste Een Wat waardig gereken is om die boek uit die hand van Hom te neem Wie op die troon sit. En nou sê hierdie Waardige Een vir Sy heiliges: "Julle is waardig." Hier is hierdie Een, die enigste Een wat gekwalifiseer is om te oordeel, (en inderdaad alle oordeel word aan Hom gegee,) en Hy sê, "Julle is waardig."

Hierdie woorde is so merkwaardig net soos wat die woorde in Romeine 8:33b is,

God sê Ek is regverdig.

(Way se vertaling) Daar in die wit lig van God se geregtigheid, hoor die teer stem van Jesus soos Hy sê: "Hierdie is Myne. Hulle is regverdig. Hulle is waardig. Hulle sal saam met My in wit wandel. "

Die Belofte Aan Die Oorwinnaar

Openbaring 3:5,

> *"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor Sy engele."*

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere,"

Dit is werklik 'n herhaling van vers 4, waarin verwys word die paar wat nie hulle klere besoedel het nie. Ons het 'n gesegde gehad jare gelede wat sonder twyfel van hierdie vers afgelei is. Dit was: "Hou jou romp skoon." Dit beteken: moenie betrokke raak in twyfelagtige dinge nie; ander sal betrokke raak en jy mag versoek word om dit te doen, of iemand mag jou selfs probeer oorreed; maar bly weg van dit deur 'n ander koers te vat. Nou God gaan die beloon wat hierdie raad volg. Hulle gaan geklee wees in wit net soos Hy geklee is in wit. Petrus, Jakobus en Johannes het Hom op die Berg van Verheerliking gesien en Sy klere was so wit soos lig. Dit is hoe die heiliges geklee gaan wees. Hulle klere sal skyn, buitengewoon wit.

Julle weet ons lewe in die endtyd. Dit is in hierdie eeu dat die kerke bymekaar gaan kom. En soos hulle selfs nou die wêreld politiek beheer, sal hulle spoedig die finansies van die wêreld beheer. Dan, as jy nie behoort aan die wereld organisasie van kerke nie, sal jy nie in staat wees om te koop of om te verkoop nie. Jy sal alles verloor. Dié wat getrou bly aan God en hulle klere skoon hou van die besoedeling van hierdie 'wereld-sisteem' van kerkordes sal fisies beroof wees. Daar sal aan hulle 'n groot versoeking aangebied word om in te gee. Predikers sal ingegee met die verskoning dat hulle God sal dien in die raamwerk van die antichris dier-sisteem. Hulle sal ingee aan die vleitaal en aanbevelings van die hiërargie. En die mense sal hierdie vals herders volg reg vir die slagting. Maar in die oordeel sal hulle nakend bevind word. Hulle sal nie daardie wit klere gegee word nie; nog sal hulle met Hom wandel. Jy kan nie in die gevlekte klere van die wêreld loop, hande hou met die duiwel hier, en dan verwag om met God te wees nie. Dit is tyd om wakker te word en die stem van God te hoor uitroep: "Kom uit haar uit (georganiseerde godsdiens) My mense, dat julle nie deelgenote van haar sondes is nie, dat julle nie van haar plae ontvang nie." Amen. God spreek. Vermy die godsdienste van hierdie wêreld soos julle die plaag vermy. Los om met die wêreld te loop en maak jou klere wit deur bekering en die bloed van die Lam. Maar doen dit nou, want môre mag te laat wees.

"En hy wat oorwin, Ek sal sy naam nie uitwis uit die Boek van die Lewe nie."

Weereens kom ons by 'n baie moeilike gedeelte van die Woord. Deur hierdie vers oppervlakkig te beskou sal deur beide die Arminiane en die Calviniste gebruik word om hulle doele te pas.

Die Arminiane sal verklaar dat hierdie vers Johannes 6:37-44 herroep,

"Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.

Die Jode het gemurmureer teen Hom, omdat Hy gesê het: Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het.

En hulle sê: Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?

En Jesus antwoord en sê vir hulle: Moenie onder mekaar murmureer nie.

Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Arminianisme maak die wil van die Vader, nie 'n soewereine doel nie, maar bloot 'n selfondane begeerte soos Hy terugstaan om te sien wat alle mense doen met Sy goeie en genadige gawes, en selfs ewige lewe.

Die Calviniste sien dit nie. Hulle sien in hierdie vers sterk vertroosting wat gegee is aan die lydende, swaar belaste christene, dat maak nie saak hoe boos die tye is nie, hoe vreeslik die vervolging, want die oorwinnaar is een: "wie glo dat Jesus die Christus is," hy sal nie sy naam verwyder van daardie boek nie. Sommige sê ook dat hierdie 'Boek van die Lewe' nie die 'Lam se Boek van die Lewe' is nie. Maar soos gewoonlik, wanneer iemand 'n vers oppervlakkig ag, dan sal hy met 'n opervlakkige begrip uitkom.

Die moontlikheid van die verwydering van 'n naam van die opname van God verdien meer as 'n eenvoudige studie, want tot en met nou het meeste studente net 'n gevolgtrekking gemaak dat God die name van die wat weer gebore is weer in die Lam se Boek van die Lewe plaas met die tyd van hulle wedergeboorte, en as om een of ander rede die naam verwyder moet word, sal die plek op die rekord eenvoudig oop wees soos dit was voor 'n naam daar geplaas is. Hierdie is eenhonderd persent teenoorgestelde van wat die Woord werklik leer.

Aan die begin van ons studie, laat dit bekend wees dat daar NIE EEN Skrif is wat leer dat God tans 'n rekord van name bymekaar maak nie. Dit was alles gedoen voor die grondlegging van die wêreld, soos ons binnekort sal uitwys. Ook, dit is nie 'n kwessie van om net eenvoudig onsself te betrek met twee groepe mense waarvan beide geleentheid gehad het om die Ewige lewe te ontvang nie, waarin een groep dit ontvang het en hulle name op rekord geplaas is terwyl die ander wat geweier het hulle name nie geplaas is nie. Ons sal eintlik deur die Skrif wys dat menigtes wat nie eens wedergebore is nie sal in die Ewige lewe ingaan. So snaaks soos dit mag klink, dit is beslis waar. Ons sal ook wys dat daar 'n groep mense is wie se name op daardie rekord geplaas is voor die grondlegging van die wêreld, maar KAN ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE HULLE NAME VERWYDER NIE; maar sal ook wys dat 'n ander groep WIE SE NAME OP DAARDIE REKORD WAS VOOR DIE GRONDLEGGING VAN DIE WERELD HULLE NAME VERWYDER SAL WORD.

Om mee te begin, daar is geen grondslag vir die aansprake dat die 'Lam se Boek van die Lewe' nie dieselfde is as die 'Boek is van die Lewe' nie. Die Boek van die Lewe mag die Lam se Boek van die Lewe genoem word, of Christus se Boek van die Lewe, of selfs U Boek en Boek van die Lewe. Net name is daarin geskryf.

Openbaring 13:8,

"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, (die dier) almal wie se name nie van die grondlegging van die wereld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie."

Openbaring 17:8,

"Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is."

Openbaring 20:12-15,

"En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n

ander boek, die Boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."

En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Julle kan sien dat hoewel daar ander boeke genoem is, is daar altyd die verwysing na EEN boek met name. In die Openbaring word dit die 'Lam se Boek van die Lewe' genoem, of die 'Boek van die Lewe.'

Nou waar is hierdie boek? Lukas 10:17-24,

"En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.

Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.

Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.

In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae.

Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.

En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: Salig is die oë wat sien wat julle sien;

want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.

Die Boek van die Lewe is definitief in die hemel, en sal verskyn in die groot Wit Troon oordeel. In hierdie verse het Jesus gesê dat hulle NAME geskryf is in die hemel. Hulle is geskryf in die Boek van die Lewe, want dit is waar name geplaas is. Jesus het met die sewentig gepraat (vers 17), maar Hy het ook met die twaalf gepraat (vers 23). Hulle was almal verheug dat duiwels onderworpe was aan hulle in Jesus se Naam. Christus se repliek was: "Verheug julle nie dat daardie geeste aan julle onderworpe is nie, maar dat julle name in die hemel geskryf is (Boek van die Lewe)." Julle sal hier opmerk dat Judas een van hulle was wat duiwels in Jesus se Naam uitgedryf het, maar ons weet dat hy 'n duiwel was, die seun van die verderf.

Johannes 6:70-71,

"Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel! En Hy het bedoel Judas Iskáriot, die seun van Simon; want hy sou Hom verraai, hy wat een van die twaalf was."

Johannes 17:12,

"Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in U Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word."

Johannes 13:10-11,18,

"Jesus sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie.

Want Hy het geweet wie Hom sou verraai. Daarom het Hy gesê: Julle is nie almal rein nie.

Ek spreek nie van julle almal nie - Ek weet wie Ek uitverkies het - maar dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig.

Nou as taal enigiets beteken moet ons erken dat Judas gekies is deur Jesus (Johannes 13:18), tog was hy nie skoon nie. (Johannes 13:10-11), Judas is ook aan Jesus gegee deur die Vader. Johannes 17:12. (Laat dit hier genoteer word dat die "kies" en gee is presies die parallel soos in die illustrasie van Moses en Farao, Jakob en Esau, want hoewel Esau en Farao beide vooruit bestem was, was hulle voortbestem tot toorn, terwyl die einde van Moses en Jakob was verheerliking. l Petrus 2:8-9a wys beide verworpelinge en gekose "selfs vir hulle wat struikel met die Woord, ongehoorsaam is: waartoe hulle ook aangestel is. Maar Julle is 'n uitverkore generasie. ") Judas is getel met die twaalf en het werklik 'n deel met hulle in die bediening gehad voor Pinkster.

Handelinge 1:16-17,

> *"Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het;*
>
> *want hy is saam met ons getal gereken en het die lot van hierdie bediening verkry."*

Die rol wat Judas gekry het onder die twaalf en toe verloor het was nog minderwaardig in vergelyking met die bedienings van die ander elf, nog was dit 'n duiwelse vreemde bediening voorgestel tussen die bedienings van die ander.

Handelinge 1:25,

> *"om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek."*

Judas, 'n duiwel, het 'n God-gegewe Heilige Gees bediening verloor, en homself doodgemaak en HET NA SY EIE PLEK GEGAAN. Sy naam was selfs in die Boek van die Lewe. Maar sy naam is uitgevee.

Nou voor ons ingaan op hierdie gedagte oor Judas, laat ons teruggaan na die Ou Testament en sien waar God dieselfde ding gedoen het. In Génesis 35:23-26, die seuns van Jakob was twaalf in getal en hulle name was soos volg: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon; Josef en Benjamin; Dan en Naftali; Gad en Aser. Hierdie twaalf seuns se afstammelinge het die twaalf stamme van Israel geword met die uitsondering dat Josef nie 'n stam gehad het wat vernoem is na hom nie, want in die voorsienigheid van God moes daar dertien stamme wees, en Josef se twee seuns is die eer gegee om die twaalf na dertien te skuif. Julle weet, natuurlik, dat dit nodig was omdat Levi afgesonder was tot God vir die priesterdom. Daarom toe Israel Egipte verlaat het en God hulle die tabernakel in die woestyn gegee het, vind ons die stam van Levi preek vir twaalf stamme naamlik Ruben, Simeon, Issaskar, Juda, Sebulon, Benjamin, Dan, Naftali, Gad, Aser, Efraim en Manasse. Die orde van die skare noem hulle so in Númeri 10:11-28. Daar is niks genoem van Josef of Levi nie. Maar as ons kyk na Openbaring 7:4-8, waar dit sê: "daar is honderd vier-en-veertig van AL die stamme van die kinders van Israel verseël," dit noem hulle so: Juda, Ruben, Gad, Aser, Naftali, Manasse, Simeon, Levi, Issaskar, Sebulon, Josef, Benjamin. Ons is terug na die twaalf stamme met Levi en Josef genoem onder hulle, maar met Dan en Efraim weg.

Die vraag kom nou op, waarom is hierdie twee stamme uitgewis, Die antwoord is in Deuteronómium 29:16-20,

> *"Want julle weet self hoe ons in Egipteland gewoon en hoe ons dwarsdeur die nasies getrek het waardeur julle getrek het.*
>
> *En julle het hulle verfoeisels en hulle drekgode, hout en klip, silwer en goud, by hulle gesien,*
>
> *sodat daar onder julle geen man of vrou of geslag of stam mag wees wat sy hart vandag van die Here onse God afwend om die gode van die nasies te gaan dien nie, sodat daar onder julle geen wortel mag wees wat gif en wildeals dra nie,*
>
> *en as hy die woorde van hierdie eedswering hoor, homself dan in sy hart gelukkig prys deur te sê: Dit sal met my goed gaan alhoewel ek in die verhardheid van my hart wandel - om so die bewaterde saam met die dorstige weg te ruk!*
>
> *Die Here sal hom nie vergewe nie, maar dan sal die toorn van die Here en sy ywer teen die man rook, en die hele vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus; en die Here sal sy naam onder die hemel uitdelg."*

Hiermee word die vloek teen afgodery uitgespreek, of geestelike hoerery . Die stam wat gedraai het na afgodery sy naam moes uitgevee word. En die geskiedenis van die twee stamme wie se name uitgevee is as gevolg van afgodery word gevind in l Konings 12:25-30,

> *"En Jeróbeam het Sigem op die gebergte van Efraim gebou en daarin gewoon, en*

daarvandaan uitgetrek en Pnuel gebou.

En Jerobeam het in sy hart gesê: Nou sal die koningskap na die huis van Dawid terugkeer:

as hierdie volk opgaan om offers te bring in die huis van die Here in Jarusalem, dan sal die hart van hierdie volk terugkeer na hulle heer, na Rehabeam, die koning van Juda, en hulle sal my om die lewe bring en teruggaan na Rehabeam, die koning van Juda.

Daarom het die koning raad gehou en twee goue kalwers gemaak en aan hulle gesê: Julle het lank genoeg opgegaan na Jerusalem - hier is, o Israel, jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het.

En die een het hy in Bet-el opgerig, en die ander in Dan opgestel. En hierdie saak het tot sonde geword; ja, die volk het voor die een gaan aanbid tot by Dan.

Hosea 4:17,

Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!

Let op spesifiek dat die straf vir afgodediens was dat die naam van daardie stam uitgevee sou word 'van onder die hemel.' Deuteronómium 29:20. Dit sê nie dat dit uitgevee sou word 'in die hemel' nie, maar van onder die hemel. En dit is presies soos dit is, want nou is Israel terug in Palestina, en binnekort sal die Here die 144,000 van hulle seël. Maar van daardie klomp is Dan en Efraim uitgelaat.

Openbaring 7:4-8,

"En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëldes uit AL die stamme van die kinders van Israel -

uit die stam van Juda twaalf duisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëldes;

uit die stam van Aser twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Nftali twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalfduisend verseëldes;

uit die stam van Simeon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalfduisend verseëldes;

uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëldes.

(Let op, Dan en Efraim is weg).

Nou met dit kyk na Daniël 12:1 wat verwys na hierdie vier-en-veertigduisend wat verseël word gedurende die sesde seël en die tyd van die Groot Verdrukking of Jakob se moeilikheid.

En in die tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie; maar in die tyd sal jou volk gered word, elkeen WAT IN DIE BOEK OPGESKRYWE STAAN.

Hoewel, na hierdie periode van verdrukking, (gedurende die millennium,) soos gesien deur Eségiël 48:1-8, en 22-29 sien ons die stamme weereens terug in Goddelike orde. Maar, vanaf die tyd dat Efraim en Dan hulself verbind het met afgode, het hulle gesterf, en daardie stamme het nie meer erkenning nie. Nou ek besef dat sedert die vernietiging van Jerusalem, is al die verslae van alle stamme verloor, sodat niemand seker kan sê van watter stam hy is nie, MAAR GOD WEET. Daardie groot God Wie Israel terugbring het na Palestina weet presies van watter stam elke ware Israelitiet is, en van al die versamelde honderd vier en veertig duisend sal Dan en Efraim ontbreek.

Hier is die stamme van Israel. Eségiël 48:1-8 en 22-29,,

"En dit is die name van die stamme. Aan die noordekant langs die weg van Hetlon na die ingang van Hamat en Hasar-Enan aan die grens van Damaskus, na die noorde toe langs Hamat - hy moet die ooste en die westekant he- Dan een deel.

En naas die gebied van Dan, van die oostekant af tot by die westekant: Aser een deel.

En naas die gebied van Aser, van die oostekant af tot by die westekant: Naftali, een,

En naas die gebied van Naftali, van die oostekant af tot by die westekant: Manasse, een.

En naas die gebied van Manasse, van die oostekant af tot by die westekant:, Efraim, een.

En naas die gebied van Efraim, van die oostekant af tot by die westekant: Ruben, een.

En naas die gebied van Ruben, van die oostekant af tot by die westekant: Juda, een.

En naas die gebied van Juda, van die oostekant af tot by die westekant, ens.

En van die besitting van die Leviete en die besitting van die stad af, wat in die middel le van wat die vors s'n is, tussen die grens van Juda en die grens van Benjamin, moet alles aan die vors behoort.

Verder die ander stamme, Van die oostekant af tot by die westekant: Benjamin een deel..

En naas die gebied van Benjamin, van die oostekant af tot by die weste Simeon,een.

En naas die gebied van Simeon, van die oostekant af tot by die westekant: Issaskar, een.

En naas die gebied van Issaskar, van die oostekant af tot by die westekant: Sebulon, een.

En naas die gebied van Sebulon, van die oostekant af tot by die westekant: Gad, een.

En naas die gebied van Gad, aan die suidekant na die suide toe, ens."

'n Ander illustrasie wat ons mag neem is die verhaal van Israel wat Egipte verlaat vir Kanaän land. God se doel in die tydperk was om Israel UIT te vat, en om hulle IN te neem, tot die einde dat hulle Hom kon dien. Daarom toe hulle Egipte verlaat het het hulle ALMAL onder die bloed van die geofferde lam uitgekom, hulle het almal deur die waters van doop gegaan in die RooiSee; hulle het almal die magtige wonderwerke geniet; ALMAL het die manna ge-eet; Almal het gedrink van die rots; en wat ooglopende uiterlike seeninge en manifestasies betref het hulle ALMAL op gelyke en dieselfde wyse deelgeneem. Maar, toe hulle by Moab kom het diegene wat by die fees van Baal-Peor aangesluit het almal gesterf. Hulle karkasse het in die woestyn geval, want dit was daar wat hulle die Woord van God geweier het en daarvan afgewyk het. Nou dit is wat Hebreërs 6:1-9 van praat, wat so versigtig in die Pergamese eeu uitgebring is. Jy kan nie gaan met net gedeeltes van die Woord nie, jy moet die HELE Woord neem. Daar is mense wat blyk om betrokke te wees met die dinge van God byna eenhonderd persent. Hulle is soos Judas. Niemand behalwe Jesus het presies geweet watse soort persoon Judas was nie. So die dag het gekom wat Judas presies gedoen het wat Israel in Baal-Peor gedoen het. Hy het besluit dat hy wou aansluit by die vals wingerdstok mag- in die finansiële, politieke organisasie of anti-Woord, anti-Chris godsdiens ingaan en hy het so gemaak. Hy was bedrieg! Die ander elf was nie. Hulle kon nie, want hulle was van die einste uitverkorenes. So toe Judas hulle verlaat en die Here verraai het, is sy naam verwyder van die Boek van die Lewe. (Openbaring 22:19).

Nou ek is seker dat julle opgelet het dat daardie name wat in die Boek van die Lewe was 'n deel was van die godsdienstige orde van daardie dag wat gesentreer het rondom die ware God en aanbidding van Hom, hoewel hulle nie aanbid het volgens die Waarheid (Woord) nie. Soos Judas het hulle nie die hele pad gegaan nie. Kyk hoe Judas deur God gekies is. Hy was in die waarheid onderrig. Hy het kennis van die verborgenhede gedeel. Hy het 'n bediening gehad van krag wat aan hom gegee is en hy het die siekes genees en duiwels uitgedryf in Jesus se Naam. Maar toe die onthulling kom, het hy uitverkoop vir goud en politieke mag. Hy het nie na Pinkster gegaan om die Gees van God te ontvang nie. Hy was sonder die Gees. Moenie 'n fout maak daaroor nie, 'n persoon wat waarlik gedoop is deur die Heilige Gees in die liggaam van Christus en wat die volheid van die Gees ontvang sal DUIDELIK IN DIE WOORD WEES. Dit is die bewys van die doop met die Heilige Gees. Judas het gefaal. Menigtes faal net daar. En wanneer hulle faal om aan te gaan in daardie Woord, word hulle name verwyder van die Boek van die Lewe.

Om dit verder te verklaar die verwydering van 'n naam van die Boek van die Lewe dan moet ons gedagtes strek na Israel in die dae van Moses.

Exodus 32:30-34,

"En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Julle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal Ek na die Here opklim; miskien kan ek vir julle sonde versoening doen.

En Moses het na die Here teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak.

Nou dan, as U tog hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat

U geskryf het!

Toe het die Here Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, die sal Ek uitdelg uit my boek.

Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gese het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle oor hulle besoek."

Dit is meer as bewys dat name is, en sal verwyder word van die Boek van die Lewe voor daar nie meer tyd sal wees nie. In hierdie spesifieke plek was dit as gevolg van afgodery, selfs soos Dan en Efraim hulle regte as stamme verloor het omdat hulle die goue kalwe aanbid het. Almal wat die afgode aanbid het, se name is verwyder van die Boek van die Lewe.

Toe Israel die leierskap van God verwerp het in die pilaar van vuur, en gedraai het om die goue kalwe te aanbid hulle name is uit die Boek van die Lewe verwyder. Exodus 32:33. *(Wie teen My gesondig het, die sal Ek uitdelg uit my boek.)* As so 'n draai na afgode die prys vereis van die verwydering van die name van die Boek van die Lewe, dan verseker sal Israel se verwerping van Jesus Christus as Messias ook net so ernstige straf eis. Hierdie is presies so.

In Psalm 69 wat die vernedering van Jesus uiteensit is verse 21-28,.

"En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.

Laat hulle tafel voor hulle 'n vangnet wees en vir hulle wat sorgeloos is 'n strik.

Laat hulle oë duister word, sodat hulle nie sien nie; en maak dat hulle heupe altyd deur wankel.

Stort oor hulle u grimmigheid uit, en laat u toorngloed hulle inhaal.

Laat hulle laer woes word, laat in hulle tente geen bewoner wees nie.

Want hulle vervolg hom wat deur U swaar getref is, en vertel van die smart van U gewondes.

Voeg skuld by hulle skuld, en laat hulle nie in U geregtigheid kom nie.

Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe, en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.

Toe die Jode Jesus verwerp het was daar 'n letterlike draai van God weg van hulle na die Heidene.

Handelinge 13:46-48,

"Maar Paulus en Barnabas het vryuit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie - kyk, ons wend ons tot die heidene.

Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.

En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe."

Dit is nie te se dat daar geen name meer van die stamme van Israel in die Boek van die Lewe sal wees nie, want baie van hierdie (maar nie menigtes nie) deur die beginsel van uitverkiesing sal in die Heidense kerkeeu wees, en in die liggaam van Jesus Christus inkom, wat wys dat hulle name wel in die Boek van die Lewe gebly het. Ook, soos ons sal wys, volgens die vyfde seël sal skares van gemartelde Jode wit klere ontvang en die ewige lewe by die Here. Ook die honderd vier-en-veertigduisend sal voor Sy koms verseël word, wat bewys dat hulle name ook nie uitgevee was nie. Maar dit is selfs baie akkuraat opgestel in Psalm 69 dat dit die goddelose of onregverdige verwerpers van Christus is en die vernietigers van Sy mense wie se name verwyder is.

Soos Israel (gekose mense van God) in die meerderheid hulle regte in die Boek van die Lewe verbeur het deur die verwerping van Jesus, so sal die meerderheid van die Heidense kerk ook tot veroordeling kom met die gevolglike verwydering van hulle name van die Boek van die Lewe deur die woord te verwerp en daardeur ingaan in die wereld ekumeniese stelsel wat die beeld is wat opgerig is vir die dier.

Daar is 'n ander punt om hier te sien. In die groot Wit Troon oordeel sal daar 'n skeiding van mense wees. Die Boek van die Lewe sal oopgemaak word en 'n ander boek sal oopgemaak word.

Mattheus 25:31-46,

"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerkant sit.

Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, be-erf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;

Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.

Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons het U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?

En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?

En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?

En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

Dan sal Hy ook vir die aan sy linkerkant sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie.

Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.

Dan sal hulle Hom ook antwoord en se: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?

Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie van geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.

En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."

Openbaring 20:11-15,

"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."

Daar sal beide die regverdiges en die onregverdiges in hierdie oordeel wees. Dit se so. HIERDIE REGVERDIGES SAL NIE DIE BRUID WEES NIE WANT DIE BRUID SIT MET HOM IN DIE OORDEEL.

I Korinthiers 6:2-3,

"Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?

Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?"

Openbaring 3:21,

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Sien, die bruid is met Hom in die troon. Soos sy die wêreld gaan oordeel moet sy sit in die oordeel saam met Hom. Dit is presies wat Daniël gesien het.

Daniël 7:9-10,

"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;

'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen."

Sien, dit is dieselfde toneel, want die duisend duisende wat dien teenoor Hom is die bruid, want wie gee om vir die man maar die vrou?

Die vraag is nou, hoekom is hierdie regverdiges in die oordeel? Daar is geen ander plek wat hulle kan opkom nie, want daar is maar twee opstandings en aangesien hulle nie kan kwalifiseer vir die eerste opstanding nie moet hulle in die tweede opstanding opkom wat 'n opstanding is tot die oordeel. Die een wat kwalifiseer vir die eerste opstanding (die bruid) is nie in die oordeel nie. Johannes 5: 24: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe* (dit is, die gelowige is alreeds die ontvanger van die ewige lewe wat hy nou in sy besit het) *en kom nie in die oordeel nie,maar het oorgegaan* (permanent) *uit die dood in die lewe.* (sal nie in die oordeel kom nie, is wat dit nou regtig sê!) Maar let op, Jesus moet nog 'n ander groep in gedagte hê wat met 'n sekere opstanding die ewige lewe sal ontvang. Hulle sal dit ontvang by die opstanding, WAT DIT NIE VOORHEEN ONTVANG HET AS 'n LIDMAAT VAN DIE BRUID NIE.

Johannes 5:28-29,

"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor,

en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

Nou ons almal weet dat Johannes 5: 28-29 NIE DIE KOMS IS NIE want net die dooies in Christus sal opstaan vanuit die grafte op daardie tyd saam met die lewende bruid wat nog op die aarde is.

l Thessalonicense 4:16-17,

"*Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.*

Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Maar dit sê in Johannes 5:28-29 dat ALMAL gaan uit die graf voortkom. Hierdie is die einste selfde opstanding wat gepraat is van in Openbaring 20:11-15 waarin DIE DOOIES voor die Here gebring is en geoordeel is volgens hulle werke, en almal wie se name nie in die Boek van die Lewe was nie was in die meer van vuur gewerp.

Ons kyk nou na die vraag hoekom sal hulle die Ewige lewe ontvang by die oordeel aangesien die briewe dui onweerlegbaar dat mens moet die Gees van Christus he of vergaan. Alhoewel dit so lyk, moet ons nie die woorde van Jesus oneer nie Wie duidelik stel dat daar sommige in die Boek van die Lewe gevind word wat of die ewige sal ontvang voor die algemene opstanding of daarna.

Paulus ontduik nie hierdie waarheid nie want hy sê baie duidelik, in Filippense 3:11,

"of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik."

Nou hierdie stelling is baie snaaks. Ons weet almal dat ons ALMAL gaan in 'n opstanding wees of ons nou wil wees of nie. Almal sal opgewek word. So Paulus kon skaars gesê het: "As ek ENIGSINS dit wel kan bereik tot 'n opstanding van die dooies." Die waarheid van die saak is, hy sê dit nie. Die letterlike is: "As ek op enige manier die 'buite-opstanding' van uit die dood sou bereik." Hierdie is nie om die algemene of tweede opstanding te bereik nie, maar om die eerste opstanding te bereik, waarvan gesê word: "Geseënd en Heilig is hy wat deel in die eerste opstanding het, daarop het die tweede dood geen krag nie, maar hulle sal dieners wees van God en van Christus en sal heers met Hom vir 'n duisend jaar. Die

eerste opstanding het niks te doen met die tweede dood nie. Dit is aan die einde van die duisend jaar wanneer AL DIE RES van die dood weer lewe. En in daardie dag sal daar diegene wees wat tot die ewige lewe sal kom en die ander wat gevat word in die tweede dood. Nou ons het nie nodig om te raai oor die wat in die tweede opstanding lewe gegee word nie. Ons word vertel dat dit aan hulle gegee word op die grond dat hulle goed was vir die ”Broers“. Dié wat opgewek en in die meer van vuur gewerp word sal so behandel word as gevolg van hulle mishandeling van die ”Broers“. Aangesien dit die Woord van God is aanvaar ons dit eenvoudig. Daar is geen argument hier nie, net 'n eenvoudige verklaring feit.

Vir verdere klarifikasie, let op spesifiek die woorde van Matthéüs 25:31-46. Dit sê nie dat 'n skaapwagter letterlik die skape van die bokke skei nie, maar dit is SOOS 'n herder skape van bokke skei. Hierdie is nie skape in hierdie spesifieke area van tyd nie (Wit Troon Oordeel). Die skape is in Sy kraal, hulle het Sy stem gehoor (Woord) en hulle het Hom gevolg. HULLE HET ALREEDS EWIGE LEWE EN KAN NIE IN DIE OORDEEL KOM NIE. Maar hierdie het NIE ewige lewe nie, en hulle is in die oordeel. Hulle word toegelaat om te GAAN IN die Ewige lewe. Maar op watter grond gaan hulle in die ewige lewe in? Sekerlik nie op die feit dat hulle alreeds Sy lewe het soos die bruid nie, maar hulle ontvang dit omdat hulle goed was teenoor Sy broers. Hulle is nie Sy broers nie, dit sal hulle gesamentlike-erfgename maak met Jesus. Hulle is NIE erfgename van enigiets behalwe lewe nie. Hulle deel geen troon, ens. met Hom nie. HULLE NAME MOES IN DIE BOEK VAN DIE LEWE GEWEES HET EN IS NIE VERWYDER NIE. Nou vanweë hulle liefde vir die mense van God word hulle erken en gered. Geen twyfel hulle het die kinders van God gedien en gehelp. Miskien soos Nikodémus en Gamaliël het hulle vir die kinders gestaan in 'n tyd van probleme.

As dit blyk om “herstel” te sinspeel, kyk nou versigtig, want die goddelose word NIE herstel nie, maar gestuur na die meer van vuur. Die name van baie van hulle wat vernietig is was ook in die Boek van die Lewe; maar hulle is uitgevee omdat hulle gefaal het om die mense van God te eer wat die lewende gemanifesteerde Woord was (lewende briewe) vir hulle dag.

Nou laat ons hier baie duidelik wees. Hierdie is nie nasies wat geoordeel word en in die millennium ingaan omdat hulle Jode skuilplek gegee en gehelp het nie. Dit is baie duidelik vanweë die uiteinde van hierdie verse. *“En hierdie* (die goddelose) *sal gaan in ewigdurende straf* (meer van vuur), *maar die regverdiges in ewigdurende lewe.”* Daar is geen rekord van TWEE oordele wat gebeur waar die bose in die meer van vuur gewerp word nie. Slegs die dier en vals profeet word geoordeel aan die einde van die groot verdrukking. Nee, hierdie is die Wit Troon oordeel, en hulle word geoordeel volgens wat geskryf is in die boeke.

Dit is die tweede opstanding wat die '*siele onder die altaar*' soos uiteengesit in die vyfde seël (Openbaring 6:9-11) wit klere gegee word, en natuurlik ewige lewe, anders sou daar geen punt wees vir die wit klere nie.

> *“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.*
>
> *En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?*
>
> *En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle en hulle mededienskneghte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.*“

Nou let op dat niemand onder die altaar doodgemaak is vir die getuienis van Jesus nie. Hulle was nie soos Antipas nie wat gedood is omdat hy Sy Naam ge-eer het. Hierdie is nie wedergeborenes, met ewige lewe as hulle besitting nie. Hulle kom in die opstanding en ontvang lewe vanweë hulle stand vir die Woord. En let op hoe hierdie uitroep vir wraak. Hulle kan nie bruid materiaal wees nie. Die bruid draai die wang en skree: “Vergewe hulle, Vader, hulle weet nie wat hulle doen nie.” Hierdie is Jode. Hulle moet wees omdat hulle in die vyfde seël is, en dit is in die vierde seël wat die Heidense bruid weg is in die wegraping. So hierdie Jode is nie gebore uit Sy Gees nie. Hulle glo nie eens dat Jesus die Messias is nie. Maar soos hulle verblind is deur God vir die Heidene se onthalwe, het God hulle die Ewige lewe gegee op die grond dat hoewel hulle nie na Hom kon kom nie, tog was hulle waarlik getrou aan al die Woord wat hulle geken het, en het gesterf daarvoor onder Hitler, Stalin, ens., en sal nog sterf.

Dit is die tweede opstanding waarin die vyf dwase maagde opkom. Let op dat hulle was maagde. Hulle het nie die Heilige Gees gehad nie so hulle was nie in die bruid nie, terwyl die vyf wyse wat olie gehad het 'n deel geword het van daardie bruid. Maar hierdie mense, synde 'n afgesonderde, God-geliefde mense, en probeer om te bly in die Woord, volgens wat hulle daarvan geweet het, en 'n hulp in die werk van die Here sal opkom aan die einde van die tyd. Hulle sal die millennium mis, wat jy kan begin om te sien deur hierdie waarhede dis baie meer belangrik en wonderlik as wat ons ooit gedink of geglo het.

Al hierdie mense het hulle name in die Boek van die Lewe en hulle name het gebly. Maar wie se name

het nie gebly nie? Daardie van die wereld sisteem wat die bruid beveg het sal diegene wees wie se name verwyder is. Dit is wie sal verloor. Hulle sal in die meer van vuur gewerp word.

Nou laat ons nog 'n tree verder gaan, maar voor ons dit doen laat ons net weer die saak sover hersien. Eerste van alles weet ons definitief dat die doel van God staan in eleksie. Hy Homself het dit beoog. Dit was God se doel om 'n mensdom soos Homself voort te bring wat 'n Woord Bruid sou wees. Sy was gekies voor die grondlegging van die wêreld IN HOM. Sy was voor-uit geken en bemin voor sy ooit voortgebring is gedurende die eeue op die aarde. Sy is verlos deur Sy bloed en kan NOOIT kom tot veroordeling nie. Sy kan nooit in die oordeel wees nie omdat sonde haar nie toegereken kan word nie.

Romeine 4:8,

> *"Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie."*

Maar inderdaad sal sy met Hom wees in Sy troon van oordeel, die wêreld oordeel en selfs engele. Haar naam (elkeen van haar lidmate) was geskryf in 'n seksie van die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. Tweedens, is daar nog 'n klas. Hulle name is ook in die Boek van die Lewe en hulle sal in die tweede opstanding opkom. So is die dwase maagde en die regverdiges soos genoem in Matthéüs 25. In hierdie klas is ook diegene wat nie die dier aanbid of betrokke raak in die antichris stelsel nie maar sterf vir hulle geloof al is hulle nie in die bruid nie, nie wedergebore nie. Maar hulle sal opkom in die tweede opstanding en in die ewige lewe ingaan. Derdens, daar is die grenslyn Christene soos ons sien in Israel wat uit Egipte kom. Hierdie het hulle name in die Boek van die Lewe en hulle werke is geskryf in die boeke. Hierdie wat gefaal het om God te gehoorsaam en leeg van die Gees is, hoewel selfs die tekens en wonders onder hulle was, hulle name sal van die Boek van die Lewe verwyder word . Tussen hierdie groep sal diegene wees soos Judas wat hoewel heeltemal leeg van die Gees, maar tog godsdienstig, sal manifestasies in hulle lewens hê, en hoewel op die boeke nie die uitverkorene IN HOM nie. Die ook soos Bileam sal in daardie groep wees. Vierde en laaste is diegene wie se name nooit was of ooit op die boeke geskryf sal word nie.

Sulkes word in Openbaring 13:8 gevind en Openbaring 17:8,

> *"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wereld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.*
>
> *Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.*"

Jesus het gesê dat 'n sekere groep een sou aanvaar wat in sy eie naam gekom het. Daardie een is die antichris. En dit is presies wat dit van hulle sê in Openbaring 13:8, en 17:8. Hierdie was deur God verordineer maar nie tot uitverkiesing nie. En met hierdie groep is die wat soos Farao is.

Dit is geskryf van hom,

> *"Selfs vir hierdie selfde doel het ek jou opgerig. Toornvate geskik vir vernietiging."*

Romeine 9:17 en 22.

Geen van hierdie sou geplaas word op die rekords van die lewe nie. Ek sê nie dat daar geen rekord van hulle is nie. Geen twyfel daar is een of ander soort rekord van hulle, maar NIE IN DIE REKORD VAN DIE LEWE NIE. Hulle doel van bestaan is nouliks genoem in die res van hierdie boek maar ons kan nog twee Skrifte byvoeg.

Spreuke 16:4,

> *"Alles het die Here gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil."*

Job 21:30,

> *"dat die kwaaddoeners gespaar word op die dag van ondergang, dat hulle weggelei word op die dag van grimmigheid?"*

Omdat hierdie gedeelte van die Woord moeilik is vir die menslike verstand om te begryp, moet dit aanvaar word en geglo word deur geloof. Sommige sal aanstoot neem deur wat ek uiteengesit het omdat hulle faal om die soewereiniteit van God te verstaan wat uiteensit dat GOD IS GOD, en omdat Hy God is kan mens nie sy planne teengaan of sy wil belemmer nie; maar Hy, wat almagtig is, regeer in alle sake en doen wat Hy ookal wil met Sy skepping want alles is geskep vir Sy goeie plesier . Gevolglik, soos Paulus sê: "*Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die*

ander tot oneer te maak nie?" Dat Hy die reg het om dit te doen op die grond van skepping alleen, dit kan ons nie ontken nie. Tog het Hy selfs verder gegaan, want volgens Romeine 14:7-9, het ons die onweerlegbare bewys dat Jesus die koopprys betaal het van die hele wêreld, en daarom kan Hy doen soos Hy wil met Sy eie.

> "*Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie.*
>
> *Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*
>
> *Want hiervoor het Christus gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om OOR DODE SOWEL AS LEWENDE TE HEERS.*"

(Eienaarskap; NIE verhouding is hier bedoel.)

Dit is ook uiteengesit in Johannes 17:2,

> *"soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee."*

Nou, as ons alwetendheid aan God toereken, dan moet ons ook aanvaar dat Hy volmaak is in wysheid en geregtigheid. Hierdie plan van uitverkiesing en verwerping is die wysheid van God geopenbaar in alle eeue, soos dit sê in Efésiërs 1:3-11,

> *"Geseend is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,*
>
> *soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,*
>
> *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, tot Homself, na die welbehae van sy wil,*
>
> *tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.*
>
> *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,*
>
> *wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,*
>
> *deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,*
>
> *om die volheid van die tye te reel, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig -*
>
> *in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,*

So as God dit so ontwerp het dat daar diegene is wie se name in 'n seksie van die Lam se Boek van Lewe geplaas is, en nie uitgevee kan word nie want hulle is die name van Sy bruid, dan moet ons dit aanvaar. As dit ook meld dat daar diegene is wie se name in die rekord van die Boek van die Lewe geplaas is maar in die voorkennis van God moes hulle val en hulle name verwyder sal word dan moet ons dit so aanvaar. En as daar die is wie se name NOOIT op 'n rekord van die lewe geplaas is nie, moet ons dit ook aanvaar. En as daar die is wat in die Ewige Lewe gaan na die Wit Troon oordeel slegs op grond van om goed en vriendelik en regverdig te wees teenoor die uitverkorenes van God wat Sy broers is, dan kan ons niks anders doen as om dit te aanvaar nie. WANT WIE KEN DIE GEDAGTE VAN GOD DAT HY HOM INSTRUKSIE GEE? Laat ons eerder onderworpe wees in geloof teenoor Hom Wie ons Vader is en lewe.

Om hierdie onderwerp selfs beter te verstaan sal dit nou wys wees om dit te benader van die standpunt van die kerk deur die eeue. Tot en met nou toe het ons gedink in terme van die verwydering van die name van indiwidue. Nou wil ons oorweeg, nie die indiwidue nie, maar die groepe verteenwoordig in die kerk. Om so te maak sal ons die kerk vergelyk deur die eeue met die koringplant. 'n Korrel koring word geplant met die einde dat 'n enkele grein koring sal voortbring en homself vermenigvuldig deur 'n sekere proses gedurende 'n sekere periode van tyd. Daardie enkele saad sal sterf, maar in dood, sal die lewe wat daarin was opkom in 'n plant wat op sy beurt die draer of houer van daardie lewe is wat sal terugkom na die oorspronklike in 'n vermenigvuldige vorm. Jesus die groot Koninklike Saad het gesterf. Daardie weergalose Een Wat die lewe van die kerk is staan in die midde van die kerk vir al sewe kerke eeue en gee Sy lewe aan die kerk (die draer of houer) tot die einde dat Sy presiese lewe gereproduseer word in liggame soos Sy eie in die opstanding. Dit is by die opstanding wat die Koninklike Saad baie koninklike sade sal sien soos Homself, en hulle sal selfs wees soos Hy is, want Johannes sê: "Ons sal

wees soos Hy." Dit is waarna Johannes die Doper verwys het toe Hy gesê het dat Jesus die koring sal versamel in die skuur. Dit was die opstanding waar die verlosdes wat uitverkies was tot die ewige lewe ingekom het.

Nou dan, die rekord van hierdie koringplant wie se einde is om die oorspronklike saad te produseer in vermenigvuldige vorm is DIE BOEK VAN DIE LEWE. Ek herhaal: die geskiedenis of rekord van hierdie koringplant is die Boek van die Lewe waarvan 'n deel van die Boek van die Lewe die REKORD VAN EWIGE LEWE IS. ('n Gedeelte van die Boek van die Lewe). Dit word oortuigend gesien deur die koringplant te ondersoek. 'n Kaal saad word gesaai. Binnekort word 'n halm gesien. Maar dit is nog nie die koring nie. Dan groei dit in 'n stingel. Hierdie is nog nie koring nie. Lewe is daar, maar nie die koring nie. Dan aan die einde van die stingel is 'n klein punt wat 'n baard uitstuur. Steeds 'n koringplant maar geen koring nie. Dan kry die plant stuifmeel, en ons sien die kaf groei. Dit lyk baie soos die koring behalwe dit is nog nie saad nie. Dan vorm die koring in die doppie. Dit is nou terug na wat dit oorspronklik was. Nou word die ryp koring geoes.

Jesus Christus het gesterf. Hy het Sy lewe gegee. Daardie lewe moes terugkom op die kerk en baie seuns soos Homself bring tot glorie in die opstanding. Maar, soos die koringkorrel 'n draer moes hê om menigvuldige koringsaad voort te bring, net so moes daar 'n kerk wees wat die draer van die lewe van Christus sou wees. Soos die halm, stingel, baard, en dop die draers vir die saad was maar NIE die saad self was nie, so is die kerklike onderneming deur die eeue die draer van die ware SAAD hoewel nie die Saad self nie. Dit is waarom ons kan sê dat die Boek van die Lewe die VOLGRAAN PLANT is.

Laat ons weer daaroor gaan. Hier is daardie oorspronklike saad wat geplant is. Dit het 'n halmpie voortgebring. Dit was nie dit nie. Dit het 'n stingel voortgebring. Ook nie dit nie. Hier kom doppe waarin die koring moet vorm. Dit is nie dit nie. Die baard verskyn. DAN VAL STUIFMEEL OP DAARDIE STAMPER. GEDEELTE VAN DIE PLANT IS GESTIMULEER. IETS VAN DAARDIE OORSPRONKLIKE SAAD WAT OPGEKOM HET DEUR DIE RES VAN DIE PLANT WORD SAAD. Hoekom het die hele plant nie saad gehad nie? Omdat dit geskep is tot daardie einde. Net deel van daardie plant kan teruggaan om 'n saad te wees omdat net 'n gedeelte van die KORINGPLANT IS EWIGE LEWE KORING.

Julle het 'n volmaakte tipe daarvan in Israel wat Egipte verlaat het. Hulle het omtrent twee miljoen sterk uitgekom. ALMAL het ontsnap deur die geofferde bloed. ALMAL was gedoop in die Rooisee; ALMAL het daar uit die water gekom en Heilige Gees manifestasies en seëninge geniet; ALMAL het engel voedsel ge-eet; ALMAL het gedrink van die rots wat hulle gevolg het. Tog behalwe vir 'n paar was hulle niks behalwe draers vir die kinders wat sou volg en in Kanaänland sou ingaan nie. Hele Israel is NIE Israel nie. En almal behalwe 'n klein minderheid se name was uitgewis uit die Boek van die Lewe.

Ons het dieselfde nou vandag in die kerk. Name gaan uit die Boek van die Lewe uitgewis word. Geen name sal uitgewis word uit die Boek van Ewige Lewe nie want dis 'n ander rekord hoewel in die Boek van die Lewe. HIERDIE IS DIE REKORD: GOD HET ONS EWIGE LEWE GEGEE, EN HIERDIE LEWE IS IN SY SEUN. HY WAT DIE SEUN HET, HET LEWE (EWIG) EN HY WAT NIE DIE SEUN HET NIE HET NIE LEWE NIE (EWIG). En hulle wat daardie lewe het was in HOM voor die grondlegging van die wêreld. HULLE WAS GEKIES IN HOM VOOR DIE GRONGLEGGING VAN DIE WERELD. Daardie GROOT KONINKLIKE SAAD, Jesus Christus, is geplant (Hy het gesterf) en daardie lewe wat in Hom was het deur die koringplant gekom en produseer homself in menigtes van koringsaad wat dieselfde lewe in hulle het, en is soos die Oorspronklike want deur Gees is hulle oorspronklik.

Nou kan ons sien waarom die verlosde (teruggekoop deur die oorspronklike eienaar) bruid (sy was in Hom soos Eva was in Adam) kan nooit haar 'lidmaat-name' laat afvat van die rekord nie. Sy is deel van Hom. Sy is in die troon. Sy kan nooit geoordeel word nie. Elkeen in die bruid is 'n lidmaat van Hom en Hy verloor niemand nie. Maar dit is nie so synde "die almal" in die Boek van die Lewe nie. Want tussen hulle is selfs diegene soos Judas ens. wat 'n deel het in die rekord maar hulle name is verwyder. Ons kan sien diegene wat in die laaste dae kom, en nadat daar wonderlike werke gedoen word, sal Jesus sê dat Hy hulle nooit geken het nie. Dit is nie dat Hy nie bewus was van hulle nie. Sy alwetenheid sluit dit uit; maar hulle was nie vooraf geken soos in die bruid nie; en nog was hulle nie vooraf geken soos tussen die regverdiges van die tweede opstanding nie. Hulle het geen vrugte gedra nie (want hulle was buite die Woord - nie daarin gebly nie) en hulle, daarom, was tot die dood toe geoordeel. Dan soos ons voorheen gewys het is daar diegene wat gestaan het vir die bruid en was 'n hulp en vertroosting vir haar. Hulle het hulle name op die Boek van die Lewe gehad en gaan tot die lewe ewigdurend. Laastens is daar diegene soos Farao wat nooit hulle name op die Boek van die Lewe gehad het nie en die word in die meer van vuur gewerp ook.

So die koringkorrel wat 'n plant geword het vir die oes is die rekord van die kerk. En selfs al is die koringplant nie net koring nie, en soos die hele plant nie gebruik word in die oes nie, so ook met die kerk; - die hele kerk is nie die bruid nie, en nog is dit alles ewige lewe gegee, maar 'n DEEL van dit is in die skuur gestoor, en 'n DEEL daarvan word gehou sodat dit mag ingaan in ewige lewe in die tweede opstanding, en 'n DEEL daarvan wat gesien word as kaf word in die meer van vuur gegooi.

En dit is presies wat Johannes die Doper en Jesus gesê het, want Johannes het gesê dat die koring bymekaar gemaak word en die kaf sou verbrand word. Jesus het gesê: "Bind die onkruid, en vergader dan die koring." Die ekumeniese beweging sal die onkruid kerke bymekaar bind, want die onkruid moet EERSTE gebind word, en hoewel hulle einde vuur is, word hulle nie verbrand wanneer hulle gebind word nie maar dis gereserveer vir 'n latere datum, wat aan die einde van die duisend jaar is, of die tweede opstanding. Maar as die onkruid eers gebind is dan kan die wegraping plaasvind en dis ook so een of ander tyd tussen die bind en die openbaring van antichris. Dan sal die dag kom wanneer ALMAL saamstaan soos wat in Daniël gesien word. Die Koning sal daar wees met Sy bruid en voor hulle sal die menigte wees wat geoordeel moet word. Ja. ALMAL is daar. Al die boeke word oopgemaak. 'n Finale posisionering van ALMAL is gemaak. Die oes is inderdaad verby. Die boeke wat eenmaal oop was is gesluit.

In die afsluiting van hierdie onderwerp vir hierdie tyd, laat ek terugverwys na 'n stelling wat aan die begin gemaak is waar ek gesê het dat nie een Skrif praat van die Here wat HUIDIGLIK 'n rekord van name saamstel nie. Dit is inderdaad so. Hoewel daar 'n Skrif is wat wys na 'n toekomstige samestelling . Dit is in die sewe-en-tagtigste Psalm. Hierdie Psalm praat van die Here wat die name opskryf van almal gebore in Sion. Onder geen omstandighede kan dit aanvaar word dat God moet wag tot die einde van die eeue of daardie periode van die tyd om te deel met Sion nie om te weet wie almal gebore sal word in Sion. Weereens, dit sluit alwetendheid uit . Sekerlik weet Hy wie almal daardie getal insluit . Maar, wat is dit? Is dit nie eenvoudig die hersiende rol waarin God eenvoudig in 'n nuwe rekord plaas daardie name wat gebly het na die tweede opstanding en betrekking het op Sion nie? Sekerlik, dit is dit.

"En Ek sal sy naam bely voor My Vader en Sy engele."

Naam aflesing in die hemel! "As 'n man sterf, sal hy weer lewe? al die dae van my bestemde tyd, sal ek wag, totdat my verandering kom. U sal roep en Ek sal U antwoord: U sal 'n begeerte tot die werk van U hande hê." Die Groot Herder roep Sy skape by naam. Die skeppende stem van God roep hulle vanuit die stof of verander hulle atome selfs al het hulle nie aan die slaap geraak nie. Dit is die wegraping. Dit is die groot Huweliks Ete van die Lam en Sy bruid.

Maar die wegraping is nie die enigste oproep nie. Daar by die tweede opstanding, by die groot Wit Troon oordeel, sal name bely word voor die Vader en Sy engele. Nou ek is gesê deur diegene wat weet, dat die mooiste klank vir 'n menslike oor is die klank van daardie persoon se naam. Mense hou daarvan om hulle name te hê voor die publiek. Hoe lief hulle toejuiging. Maar geen wereldse stem sal ooit jou naam noem so soet soos die stem van God as jou naam in die Boek van die Lewe is en daar bly om geopenbaar te word voor die heilige engele. Wat 'n dag sal dit wees wanneer ons Jesus hoor sê: "Vader, hulle het My Naam bely voor mense in die dae van hulle aardse pelgrimsreis. Nou sal Ek hulle name bely voor U en al die hemelse engele. "

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Weereens het die Gees gespreek. Weer het ons oorgegaan die rekord van wat die Gees gesê het aan 'n ander eeu. En ons het die rekord korrek gevind. 'n Ander eeu het verbygegaan en dit was vervul presies soos Hy gesê het dit sou wees. Wat 'n vertroosting is dit vir ons wat hoop om in die laaste dag bruid te wees, want dit veroorsaak dat ons harte spring van vreugde dat Hy getrou is en Sy elke belofte sal uitvoer. As Hy getrou en waar was aan diegene van die Sardisean Eeu, dan is Hy net so waar aan hierdie ons eeu. As hulle deur Sy genade en krag ontvang sal word en deur Hom geprys word, dan so sal ons. Laat ons daarom gaan, na volmaaktheid en die Here ontmoet in die lug, en vir altyd by Hom wees.